ONDERWYSERSGIDS
GRAAD 11

Afrikaans Huistaal en
Afrikaans Eerste Addisionele Taal

deur

Michael Strauss

vir

Keerpunt

saamgestel deur

Linda Rode en Jakes Gerwel

KWELA BOEKE

Kwela Boeke,
'n afdeling van NB-Uitgewers,
Heerengracht 40, Kaapstad
Posbus 6525, Roggebaai 8001

Kopiereg © M. Strauss

Alle regte voorbehou
Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting

Omslagontwerp en tipografie: Etienne van Duyker
Geset in 10 op 14 pt Times Roman
Gedruk en gebind deur Paarl Print,
Oosterlandstraat, Paarl, Suid-Afrika

Eerste uitgawe, eerste druk 2007

ISBN-10: 0-7957-0214-0
ISBN-13: 978-0-7957-0214-3

Inhoud

Inleiding 7

Die Nasionale Kurrikulumverklaring en die kortverhale in *Keerpunt* 7

Die Leeruitkomste en assesseringstandaarde waarop hierdie boek fokus 7

Die verskille tussen Huistaal en Eerste Addisionele Taal, asook tussen die AS'e vir Graad 10 en Graad 11 12

Assessering 13

Hoe om te assesseer 13

Hoe moet die onderwyser rekord hou van assessering? 15

Die assesseringsproses 18

Gedetailleerde kommentaar: "Die rooi sportmotor" – Michael Williams 20

Voor die lees 20

Leesaktiwiteite – kortvrae 20

Aktiwiteit 1a: Die aanvang van die verhaal – lees 20

Aktiwiteit 1b: Voltooi die verhaal – lees en bespreking 22

Aktiwiteit 1c: Voltooi die verhaal – skryf en begryp 24

Leesaktiwiteite – langer vrae 26

Aktiwiteit 2: 'n Verdere oorweging van die verhaal 26

Aktiwiteit 3: Oorweeg temas en boodskappe 30

Aktiwiteit 4: Ontgin die taalgebruik in die verhaal 31

Aktiwiteit 5: Bespreek, debatteer en skryf oor die verhaal 32

Die voorgestelde prosedure vir die bestudering van al die kortverhale 34

'n Bestudering van die res van die verhale 35

"Twee vissermanne" – Jenny Hobbs 35

"Vlerke vir Bulbie" – Patrick Waldo Davids 39

"'n Beleërde bestaan" – Sandile Memela 43

"'n Donker meisie in Tepotzlán" – Hein Willemse 45

"'n Gemorsstorie" – Lindsay King 48
"Baba Mfundisi die prediker" – Johnny Masilela 50
"Jou stem is jou stem" – Dianne Case 53
"St. Christopher op die Parade" – Marita van der Vyver 51
"'n Nuwe begin" – Lesley Beake 59
"'n Refleksie van homself" – Lawrence Bransby 61
"Die reis" – Barrie Hough 63
"Die towerman" – Dianne Hofmeyr 65
"Aan die punt van jou arm" – Engela van Rooyen 67
"'n Beter lewe vir Mams" – Zulfah Otto-Sallies 69
"Moord op Vrydag" – Jimmy Matyu 71
"Die man langsaan" – B.M.C. Kayira 73
"Ateljee" – Elsa Joubert 77
"Die aand toe die aarde andersom begin draai het" – François Bloemhof 79
"Ma, dogter" – Marguerite Poland 83
"Bloedverwante" – Chris van Wyk 84
"Op soek na Johnnie September" – Melvin Whitebooi 86
"Glas" – George Weideman 89
"Om 'n tweede keer te kyk" – Miriam Tlali 92
"Hillbrow se strate, hier kom ek" – Kaizer M. Nyatsumba 95
"Tuinhekkie-groen, kleinhuisie-pienk, agterdeur-blou" – Riana Scheepers 97

Algemene vrae vir hersiening 99
Assessering 99
Idees vir verdere vrae 102

Glossarium 110

Inleiding

Hierdie gids is ontwerp om in Graad 11, Generiese Huistaal (HT) en Eerste Addisionele Taal (EAT), met hulle gelyke mate van klem op praat, luister, lees en skryf gebruik te word. Mens kan dalk dink dat 'n boek met kortverhale slegs op lees sal fokus, maar tog kan 'n studie van hierdie verhale die leerders help om al vier die Leeruitkomste (LU's) te bereik, soos uiteengesit in die beleidsdokumente vir uitkomsgebaseerde onderwys (UGO) – met ander woorde die Nasionale Kurrikulumverklaring vir HT en EAT.

Die Nasionale Kurrikulumverklaring en die kortverhale in *Keerpunt*

Die gids bied by elke verhaal vrae wat aan leerders gestel kan word vir kort of lang antwoorde, mondeling of skriftelik. Die vrae kan ook tot langer mondelinge of skriftelike aanbiedings lei. By die eerste verhaal in die boek, *Die rooi sportmotor,* word gedetailleerde kommentaar verskaf. Hierdie kommentaar stel 'n prosedure voor wat gevolg kan word om die verhaal te lees en te bestudeer, vrae te vra, die leeruitkomste *[LU]* wat vir elke vraag en aktiwiteit beoog word, en geskikte assessering, gebaseer op die Assesseringstandaarde (AS'e). So sal *[LU 1b]* byvoorbeeld verwys na Leeruitkoms (1)(b) hieronder, met ander woorde: luister en praat – inisieer en voer onderhoudende gesprekke deur beurtnemingskonvensies op gepaste wyse te gebruik. Die bladsy waarop dit in die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (Algemeen) vir Generiese HT of EAT verskyn, word hieronder ná elke leeruitkoms aangedui.

Die Leeruitkomste en Assesseringstandaarde waarop hierdie boek fokus
Die meeste leeruitkomste is dieselfde vir HT en EAT. Die leeruitkomste wat slegs op HT van toepassing is, is *(kursief)* en tussen hakies hieronder; enigiets wat dus nie kursief is nie, hou verband met beide HT en EAT.

Wat hieronder volg, is nie al die leeruitkomste soos aangedui in die Nasionale Kurrikulumverklaring nie, maar dié wat in die besonder relevant is vir bestudering van die kortverhale in ***Keerpunt.***

- (1) Die eerste leeruitkoms handel oor **luister en praat.** Leerders moet in staat wees om (a) idees en konsepte te deel, 'n onvoorbereide respons te lewer, hardop te lees en 'n verhaal te vertel, (b) gesprekke met gepaste beurtnemingskonvensies te inisieer en vol te hou, (c) instruksies te gee en te volg *(ingewikkeld in HT),* en (d) in groepbesprekings in interaksie te tree, idees uit te druk en menings te verdedig, en na dié van ander te luister en dit te respekteer, *(in HT tussenbeide te tree om fokus te herstel)* deur betrokkenheid by maatskaplike, kulturele, omgewings- en menseregtevraagstukke *(in HT moet hulle ook in staat wees om onderhandelingsvaardighede te gebruik om konsensus te bereik).* Hulle moet in staat wees om (e) aan besprekings en debatte deel te neem, en die korrekte prosedures te volg. Hulle moet in staat wees om (f) 'n onderwerp na te vors, (g) materiaal te organiseer deur ondersteunende hoofgedagtes, besonderhede en voorbeelde te kies, (h) doeltreffende inleidings en slotte voor te berei *(in HT moet daar meer klem wees op samehang tydens die organiseringsproses)* en om (i) geskikte visuele, oudio- en oudiovisuele hulpmiddels, soos kaarte, plakkate en musiek, te integreer. Hulle moet in staat wees om (j) mondelinge aanbiedings doeltreffend te lewer deur van geskikte retoriese middele, soos pouses en herhaling, (k) gepaste toon, stemprojeksie, oogkontak en gebare, gebruik te maak, (l) woorde uit te spreek sonder om die betekenis te verwring, (m) begrip van mondelinge tekste te demonstreer deur die opteken van idees, die opstel van kontrolelyste en opsommings, parafrasering, en deur oorvertelling en verduideliking, asook om (n) te luister en op vrae te reageer vir verduideliking. Hulle moet in staat wees om (o) kritiese bewustheid van taalgebruik in mondelinge situasies te demonstreer, deur geskikte styl en registers wat by hulle gehoor pas te herken, te begryp en te gebruik *(en in HT te evalueer),* asook (p) taalvariëteite te herken en te verstaan *(en in HT te evalueer).* Hulle aanbiedings moet die vermoë demon-

streer om (q) te kan onderskei tussen feite en menings *(en in HT om argumente en aannames te evalueer),* om (r) te verduidelik hoe betekenis deur insluiting of uitsluiting van inligting verwring kan word, om (s) die gevolge van tegniese taal en vaktaal *(en om dit in HT te kan evalueer),* om (t) die verhouding tussen onderskeidelik taal en kultuur en taal en mag in te sien *(en in HT te kan evalueer),* en (u) die gevolge van emotiewe en manipulerende taal, vooroordeel, partydigheid en stereotipering te herken en te bevraagteken.

(In die Nasionale Kurrikulumverklaring verskyn die leeruitkomste hierbo op die bladsye soos aangedui. Vir HT en EAT is (a) tot (e) hierbo op bladsy 15, (f) tot (i) op bladsy 17, (j) tot (n) op bladsy 19 en (o) tot (u) op bladsy 21.)

- (2) Die tweede leeruitkoms handel oor **lees en kyk.** Leerders moet kan lees vir begrip, krities kan evalueer, en op 'n wye reeks tekste kan reageer. Hulle moet in staat wees om (a) vrae te stel om vanselfsprekende voorspellings te maak, (b) tekste te vluglees om hoofgedagtes te identifiseer, (c) tekste te soeklees vir ondersteunende besonderhede, (d) hoof- en ondersteunende gedagtes puntsgewys en in sinne op te som. Hulle moet die vermoë demonstreer om (e) die betekenis van onbekende woorde uit die konteks af te lei, en (f) te herlees, na te gaan en te hersien om begrip te bevorder. Hulle moet (g) insien *(en in HT ontleed)* hoe seleksies en weglatings in die teks betekenis kan beïnvloed, in staat wees om (h) te kan onderskei tussen feit en mening en (i) geïmpliseerde betekenisse te herken *(en in HT te verduidelik),* hulle moet (j) die gesigspunt van die skrywer of van karakters in die verhaal insien en verduidelik en ondersteunende bewyse uit die teks kan gee, hulle moet (k) die sosiopolitieke en kulturele agtergrond van tekste kan herken, en (l) in staat wees om die effek van figuurlike en retoriese taal en letterkundige middele, soos metafoor, vergelyking, simbool, hiperbool, kontras, ironie, satire, sarkasme en antiklimaks, te herken en te verduidelik *(HT noem ook woordspeling, onderskatting, geestigheid, karikatuur,*

paradoks en antitese). Hulle moet in staat wees om (m) persoonlike reaksies op tekste te gee en moet dit kan motiveer. Hulle moet in staat wees om (n) te kan insien *(en in HT te evalueer, verduidelik en ontleed)* hoe tekste sosiokulturele en politieke waardes, gesindhede en oortuigings kan weerspieël en vorm, om (o) vooroordeel, partydigheid en diskriminasie te herken. Hulle moet in staat wees om (p) sleutelkenmerke van 'n teks, soos intrige, subintrige, konflik, karakter en die rol van die verteller, te verduidelik *(en in HT te ontleed en te evalueer).* Hulle moet in staat wees om (q) boodskappe en temas te verduidelik *(en in HT dit kan interpreteer en evalueer),* om (r) te verduidelik hoe agtergrond en milieu met karakter en/of tema verband hou *(en in HT dit kan evalueer),* (s) hoe dialoog en handeling met karakter en tema verband hou, en om (t) stemming, tydlyn, *(ironiese wendinge in HT)* en gevolgtrekkings te verduidelik *(en in HT te interpreteer).*

(In die Nasionale Kurrikulumverklaring verskyn die leeruitkomste op die volgende bladsye: vir HT en EAT is (a) tot (f) hierbo op bladsy 23, (g) tot (m) op bladsy 25, (n) tot (o) op bladsy 27, (p) tot (r) en (t) op bladsy 29 en (s) op bladsy 31.)

- (3) Die derde leeruitkoms handel oor **skryf en aanbied.** Leerders moet in staat wees om (a) beplanningsvaardighede vir skryf vir 'n besondere doel – vertel, vermaak, beskryf, inlig, en so meer – en gehoor te demonstreer, (b) te besluit oor die geskikte styl en formaat en dit kan toepas, (c) navorsing oor onderwerpe te doen, en data te selekteer en te organiseer, en om (d) idees te ontwikkel en hulle samehangend te organiseer, deur gebruik te maak van tegnieke soos breinkaarte, diagramme, lyste sleutelwoorde en vloeidiagramme. Hulle moet in staat wees om (e) van die beplanningsproses na hulle skryfwerk oor te dra deur van hoof- en ondersteunende gedagtes gebruik te maak, om (f) van 'n verskeidenheid sinslengtes, -soorte en -strukture gebruik te maak, om (g) paragraafkonvensies, soos onderwerpsinne, inleiding en afsluiting, te gebruik om samehang te bevorder, om (h) logiese

skakels, soos voegwoorde, voornaamwoorde, bywoorde en voorsetsels, te gebruik om kohesie te verseker. Hulle moet in staat wees om (i) kriteria te gebruik om hulle eie en ander leerders se skryfwerk te evalueer, om (j) samehang en kohesie te verbeter *(deur ontleding van die algehele struktuur in HT),* om (k) gepaste styl en register te gebruik (*en in HT te evalueer of dit geskik is vir die doel, gehoor en konteks),* om (l) woordkeuse en sin- en paragraafstruktuur te verfyn en dubbelsinnigheid, sleng, aanstootlike taal en onnodige vaktaal *(ook woordoortolligheid en omslagtigheid in HT)* uit te skakel, en om (m) sensitiwiteit jeens kwessies en gesindhede in die teks, soos geslag, ras, status, en so meer, te demonstreer. Leerders moet ook in staat wees om (n) te proeflees en te redigeer ten einde 'n finale weergawe te kan produseer.

(In die Nasionale Kurrikulumverklaring verskyn die leeruitkomste hierbo op die volgende bladsye: vir HT en EAT is (a) tot (d) op bladsy 33, (e) tot (h) op bladsy 35 en (i) tot (n) op bladsy 37.)

- (4) Die vierde leeruitkoms handel oor **taal.** Leerders moet in staat wees om (a) taalstrukture en -konvensies korrek te identifiseer, dit te kan verduidelik en doeltreffend te kan gebruik. Hulle moet kennis van aspekte soos (b) spelpatrone en -reëls vir nuwe en/of komplekse woorde, (c) afkortings en akronieme, (d) stamme, voorvoegsels en agtervoegsels om die betekenis van nuwe woorde vas te stel, (e) geslag, meervoude en verkleinwoorde, (f) trappe van vergelyking, en (g) homofone en homonieme demonstreer. Hulle moet in staat wees om aan te dui *(en in HT te verduidelik)* hoe tale van mekaar leen. Hulle moet in staat wees om (h) woordsoorte, (i) verskillende werkwoordtye en werkwoordvorme, (j) voorwaardelike wyse, (k) modale, (l) enkelvoudige, saamgestelde en veelvoudige sinne, (m) aktief en passief, (n) kongruensie, (o) punktuasie en (p) figuurlike taal te identifiseer en korrek te gebruik. Hulle moet in die EAT daartoe in staat wees om (q) kort sinne van Engels na hulle HT te vertaal, en andersom. Hulle moet ook in staat wees om (r) denotasie en konnotasie te identifiseer en te verduidelik,

om (s) implisiete en eksplisiete boodskappe, waardes en gesindhede te verduidelik *(en in HT te ontleed),* en om (t) vooroordeel, stereotipering en manipulerende taal te identifiseer en te bevraagteken, asook om alternatiewe uitdrukkingswyses te verken *(in HT te produseer). (In HT is daar minder verwysing na besonderhede van grammatika, soos voorwaardelike wyse en modale.)*

(In die Nasionale Kurrikulumverklaring verskyn die leeruitkomste hierbo op die volgende bladsye: vir HT is (a) tot (g) op bladsy 39, (h) tot (p) op bladsy 41, (r) tot (t) op bladsy 43. Vir EAT verskyn (a) tot (g) op bladsy 39, (h) tot (n) op bladsy 41, (o) tot (q) op bladsy 43 en (r) tot (t) op bladsy 45.)

'n Studie van die kortverhale in ***Keerpunt*** kan leerders help om al hierdie uitkomste te bereik.

Lees moet 'n plesier wees, en daar word gehoop dat leerders die kortverhale in ***Keerpunt*** sal kan lees en geniet. Daar moet onthou word dat die inhoud in UGO die leeruitkomste moet dien en nie 'n doel op sigself moet wees nie. Wat beteken dit? Natuurlik is dit vir leerders belangrik om die inhoud van kortverhale te begryp, en hulle baat gewoonlik daarby as daar vrae oor die inhoud gestel word. (Elke afdeling in die gids sluit gevolglik kortvrae in, om begrip te toets. Onderwysers sou meer kon byvoeg indien hulle dit nodig ag – in die besonder vir swakker klasse. Dit is ook 'n goeie idee om leerders soms hulle eie vrae te laat opstel, en dit aan mekaar te laat vra.) Kennis van die inhoud is egter nie die finale oogmerk nie**.** Dit moet eerder tot 'n groter genot en beter begrip van die kortverhale, en intelligenter en betekenisvoller bespreking en skryfwerk daaroor bydra.

Die verskille tussen Huistaal en Eerste Addisionele Taal,
asook tussen die AS'e vir Graad 10 en Graad 11

Oor die algemeen verskil EAT van HT daarin dat dit gewoonlik slegs van leerders vereis om kenmerke te identifiseer en te verduidelik, terwyl daar in HT van leerders vereis word om hierdie kenmerke ook te ontleed en te evalueer. 'n

Soortgelyke verskil kan gesien word tussen Graad 10 en Graad 11: in Graad 11 word van leerders vereis om kenmerke te **ontleed** en te **evalueer**, terwyl die eenvoudiger vlak van identifisering en verduideliking in Graad 10 vereis word. Onderwysers moet hierdie verskille in ag neem wanneer hulle leerders onderrig en assesseer sodat hulle leerders kan help om hulle linguistiese (taalkundige) en kritiese vaardighede algaande te ontwikkel. In EAT moet onderwysers dus eerder op die identifisering en verduideliking van kenmerke (soos metafore, vaktaal, bewyse wat nodig is om vrae te beantwoord) fokus en in gedagte hou dat leerders in die volgende studiejaar meer sal fokus op ontleding en evaluering. Op die laer vlak kan leerders meer hulp benodig met die identifisering van kenmerke en kan die onderwyser spesifieke paragrawe of reëls aantoon, waar die verskynsel voorkom.

Assessering

Laastens, iets oor assessering. In UGO is assessering nie slegs 'n finale eksamen ter wille van bevordering na die volgende graad nie. Dit is deurlopend, en word dikwels en gereeld gebruik om onderwysers te help om leerders se begrip en vordering te monitor. Assessering moet ook deur die leerders self gedoen word om hulle eie vermoë en vordering te bepaal, en hulle moet ook soms hul klasmaats assesseer. Die groot verskeidenheid aktiwiteite wat in ***Keerpunt*** vervat is, sal 'n rykdom materiaal bied vir u leerders se portefeuljes.

Leerders moet assessering altyd begryp: die leerder moet weet wat getoets gaan word, asook hoe en met watter doel. Dit is vanselfsprekend nie vir die onderwyser moontlik om almal terselfdertyd te assesseer nie, maar u kan wel van dag tot dag op verskillende individue of groepe konsentreer.

Hoe om te assesseer

Assessering wat in die leerder se portefeulje opgeteken word, sluit in mondelinge, skriftelike en prestasie-assesserings. Dit kan insluit:

- **Selfassessering:** daar word aan leerders gesê wat van hulle verwag word, en hulle word gevra hulle eie sukses te beoordeel. Die leerders kan byvoorbeeld

gevra word om, ná die lees van elke kortverhaal, die intrige op te som en om die hooftemas te identifiseer. Reg aan die begin kan die onderwyser aan hulle sê dat dit nie maklik is nie, maar dat hulle hulle vaardighede op hierdie gebied van verhaal tot verhaal sal verbeter. Hierdie selfmonitering is 'n belangrike deel van leer, en kan, indien dit aangeteken word, tydens die finale assessering deur die onderwyser in ag geneem word.

- **Portuurassessering:** leerders assesseer mekaar deur 'n kontrolelys of rubriek (sien hieronder) te gebruik. Dit sal in die besonder geskik wees wanneer leerders oor die bevindinge van hulle besprekingsgroep aan die klas verslag lewer. Wanneer leerders gevra word om navorsing te doen oor aspekte van 'n verhaal, kan klasmaats mekaar ook assesseer tydens verslaglewering van navorsingsresultate. Voordat 'n vraag gestel word, (byvoorbeeld "Dink jy die karakter het 'n goeie rede gehad om te doen wat hy/sy gedoen het?") kan die onderwyser dus aan die leerders sê dat een groeplid gekies sal word om oor hulle gevolgtrekkings verslag te lewer. Die res van die klas sal 'n assesseringsvorm kry met 'n kontrolelys van aspekte waarvoor geluister moet word. ('n Voorbeeld word hieronder verskaf by die gedetailleerde kommentaar oor "Die rooi sportmotor", Afdeling 3.) Hierdie portuurassesseringsaktiwiteit help leerders om klasmaats se – en hul eie – prestasie te evalueer en te verbeter.
- **Groepassessering:** aangesien dit belangrik is om suksesvol in groepe te kan werk, is een van die Kritieke Uitkomste (KU) dat leerders moet weet dat die onderwyser hierdie vermoë waarneem en beoordeel terwyl hulle vrae bespreek en skriftelike antwoorde gesamentlik formuleer. Die **proses** word net soveel as die **produk** geëvalueer. Met ander woorde, nie slegs die finale resultaat of uitkoms is belangrik nie, maar ook die sosiale vaardighede wat nodig is om daardie uitkoms te bereik: die vermoë om saam te werk, mekaar by te staan en individuele bydraes te kombineer. Soos met die ander tipes assessering, word die leerders vooraf in kennis gestel van die assesseringskriteria. Hulle moet bewus wees daarvan dat dit nie slegs hulle finale antwoord is wat van belang is nie, maar ook **hoe** die groep te werk gegaan het om die antwoord uit werk. Het die groeplede almal deelgeneem en bygedra? Het hulle saamgewerk en inligting gedeel? Het hulle diegene in die groep wat met die inhoud of konsepte in die verhaal sukkel, gehelp?

Hoe moet die onderwyser bewyse vir 'n finale assessering insamel?
Bewyse kan eerstens deur middel van **waarneming** ingesamel word. Dit sluit in selfassessering, portuurassessering en groepassessering. Die onderwyser kan tweedens van **toets-gebaseerde assessering** gebruik maak. Dit is meer formeel en daar word punte/tellings aan elke leerder toegeken. Ook hier moet onderwysers baie noukeurig te werk gaan en vooraf aan leerders sê wat getoets sal word, asook wanneer en hoe.

Hoe moet die onderwyser rekord hou van die assessering?
Dit kan gedoen word deur:

- **Graderingskale,** waar 'n simbool (A, B, C, en so meer) of 'n punt (6/10 of 60%) gebruik word, wat met 'n beskrywing van die vaardighede of bevoegdhede wat vereis word, in verband gebring word. Die Nasionale Kurrikulumverklaring skryf die volgende graderingskaal vir assessering voor:

Graderingskode	Gradering	Punte (%)
7	Uitmuntende prestasie	80-100
6	Verdienstelike prestasie	70-79
5	Bevredigende prestasie	60-69
4	Voldoende prestasie	50-59
3	Gemiddelde prestasie	40-49
2	Basiese prestasie	30-39
1	Ontoereikende prestasie	0-29

Dit kan aangepas word volgens die vaardigheid wat getoets word, en in selfassessering, portuurassessering, groepassessering of finale assessering deur die onderwyser gebruik word. Hier is 'n voorbeeld wat die leerders se vermoë assesseer om vrae te beantwoord *[LU 1: lewer onvoorbereide response].*

Graderingskode	Vermoë om klas se vrae te beantwoord	Punte (%)
7	Uitmuntend: het al die vrae duidelik en korrek beantwoord; die klas is 100% tevrede	80-100
6	Verdienstelik: het die meeste vrae duidelik beantwoord; die klas is meestal tevrede	70-79
5	Bevredigend: het meer as die helfte van die vrae duidelik beantwoord; meer as die helfte van die klas is tevrede	60-69
4	Voldoende: het ongeveer die helfte van die vrae duidelik beantwoord; ongeveer die helfte van die klas is tevrede	50-59
3	Gemiddeld: sommige antwoorde was duidelik, en sommige klasmaats is tevrede	40-49
2	Basies: slegs 'n paar antwoorde was duidelik; slegs 'n paar klasmaats is tevrede met die antwoorde	30-39
1	Ontoereikend: die meeste antwoorde was nie duidelik nie; die meeste klasmaats is ontevrede	0-29

Naam: ……Terry……..
Finale gradering: ……4…….

Die onderwyser kan rekord hou van assessering met:

- **Taaklyste of kontrolelyste,** met stellings wat die verwagte prestasie in 'n besondere taak beskryf. Dit is in die besonder bruikbaar in portuur- en groepassesserings. Wanneer aan die kriterium voldoen is, kan die onderwyser of die leerder die stelling afmerk. 'n Voorbeeld word hieronder aangegee:

Naam: Sipho	
Goeie stemprojeksie?	✓
Oogkontak?	✓
Goeie pouses, herhalings?	
Sit idees duidelik uiteen?	✓
Visuele hulpmiddels om te verduidelik?	
Verstaan die verhaal?	✓
Verstaan karakters?	✓
Verstaan idees in verhaal?	
Grammatikale korrektheid?	

Die derde manier van rekordhouding is met:

- **Rubrieke,** met ander woorde 'n kombinasie van graderingskodes en 'n beskrywing van standaarde. Dit sou breedweg kon wees in die beskrywing van standaarde, of meer gedetailleerd, deur van die Nasionale Kurrikulumverklaring se skale gebruik te maak. Hier is 'n voorbeeld van elk:

Naam: Frances	**Uitstekend**	**Goed**	**Aanvaarbaar**	**Nie aanvaarbaar nie**
Goeie stemprojeksie?	✓			
Oogkontak?			✓	
Goeie pouses, herhalings?		✓		
Sit idees duidelik uiteen?			✓	
Verstaan die verhaal?		✓		
Verstaan karakters?				✓
Verstaan idees in verhaal?				✓
Grammatikale korrektheid?			✓	

Naam: Jack	**7**	**6**	**5**	**4**	**3**	**2**	**1**
Goeie stemprojeksie?			✓				
Oogkontak?	✓						
Goeie pouses, herhalings?				✓			
Sit idees duidelik uiteen?					✓		
Verstaan die verhaal?			✓				
Verstaan karakters?			✓				
Verstaan idees in verhaal?						✓	
Grammatikale korrektheid?				✓			

Die assesseringsproses

Dit is goed om ’n mate van beplande progressie te hê in die manier waarop u assesseer en rekord hou van assessering. Die vlak waarop u dit doen, en presies hoe ver u met die ontwikkeling en uitbreiding van vaardighede kan gaan, sal afhang van die vlak en samestelling van u leerders, en natuurlik of u HT of EAT onderrig. Tydens assessering van leerders se vaardighede in mondelinge aanbieding, kan u byvoorbeeld net een of twee aspekte op ’n keer assesseer (onthou altyd om aan leerders te sê waarna u luister). Met verwysing na die tabel hierbo, sou u byvoorbeeld stemprojeksie en oogkontak by een geleentheid kon assesseer, die gebruik van pouses en herhalings by ’n volgende, helderheid van uiteensetting by ’n ander. Tydens assessering van leerders se vermoë om kortverhale te lees, kan u eerstens hulle vermoë om die intrige te begryp assesseer, dan karakter, dan tema, dan vraagstukke. Alternatiewelik kan u eerstens hulle vermoë om die verhaal te vertel, assesseer, dan beskrywing van die karakters, dan beskrywing van en kommentaar oor die temas, en so meer. Assessering van hierdie verskillende stadia kan oor dae of weke, of selfs oor ’n langer tydperk, plaasvind. Party groepe sal dalk nooit verder as intrige en karakter kom nie; ander sal mak-

lik daardeur – en deur temas en vraagstukke – werk, en dit geniet om verwante skeppende skryfwerk aan te pak.

Leerders met struikelblokke tot leer kan dalk aandag vereis. Indien dit fisieke struikelblokke is, soos probleme met sig, gehoor en spraak, moet die onderwyser die voor die hand liggende dinge doen soos om die leerder in 'n geskikte posisie in die klas te laat sit, en kundige hulp verkry. Leerders met beperkte konseptuele vermoëns kan deur die onderwyser en deur klasmaats gehelp word. Werk in pare of klein groepies kan so gereël word dat die swakker leerder 'n portuurmentor het. Vir skriftelike take kan onderwysers voorstelle maak, of ondersteuning gee deur 'n deel van die antwoord puntsgewys, of die beginpunt van elke paragraaf te verskaf. Onderwysers kan swakker leerders oor kleiner dele van die werk assesseer, of oor eenvoudiger tipes vrae en aktiwiteite. Ten laaste moet onderwysers altyd op die uitkyk wees vir gebiede waar swakker leerders uitblink, aangesien hulle dikwels wel ander tipe vaardighede het. Hierdie vaardighede behoort herken en beloon te word.

Op die volgende bladsy begin ons met 'n gedetailleerde kommentaar oor "Die rooi sportmotor", die eerste kortverhaal in die boek. Hierna word vrae en voorstelle vir elke verhaal verskaf. Dit behoort tot betekenisvolle en genotvolle bespreking, aanbiedings en skryftake te lei. Ná die laaste verhaal word vrae verskaf oor die inhoud van die boek as geheel. Hierdie vrae kan doeltreffend vir hersieningsdoeleindes aangewend word. Laastens is daar 'n finale afdeling met vrae wat die omvang van die kortverhale uitbrei om dit persoonliker en meer toepaslik vir die leerders se leefwêreld te maak. Hierdie vrae kan gebruik word tydens die bestudering van die kortverhale. Dit kan egter ook gebruik word nadat al die verhale bestudeer is, vir hersieningsdoeleindes of as bykomende aktiwiteite.

Die kort glossarium aan die einde van die gids verduidelik enkele van die terme wat in die inleiding en in die gedetailleerde kommentaar op "Die rooi sportmotor" gebruik is.

Gedetailleerde kommentaar: “Die rooi sportmotor” – Michael Williams

Voor die lees

U kan, voordat leerders die verhaal lees, uitvind wat hulle omtrent die verhaal weet, wat hulle daarvan verwag en watter voorspellings hulle daaromtrent maak. *[LU 2a: stel vrae om vanselfsprekende voorspellings te maak.]*

Stel aan die leerders die volgende vrae, deur verwysing na die titel (en miskien die naam en foto van die skrywer):

1. Wat dink julle beteken die titel?
2. Waaroor dink julle handel die verhaal?
3. Wat dink julle sal die boodskap van of les in die verhaal wees?

Leesaktiwiteite – kortvrae

Aktiwiteit 1a: Die aanvang van die verhaal – lees

Eerstens moet leerders die verhaal lees. Ideaal gesproke behoort hulle die verhaal by die huis te lees, aangesien lees ’n baie genotvolle, private aktiwiteit kan wees. As u egter vermoed dat sommige leerders om die een of ander rede nie die verhaal kan lees nie, of dat hulle leesvermoë nie goed genoeg is om die verhaal sonder hulp te kan geniet nie, moet tyd vir ’n volledige, ononderbroke lees van die verhaal in die klas ingeruim word. Op hierdie manier gee u die verhaal ’n kans om direk met die leser te kommunikeer – om die towerkrag daarvan te laat werk. U moet die leerders die bes moontlike geleentheid gee vir ’n betekenisvolle omgang met die teks sodat hulle oor hulle eie ervaring daarvan kan praat en skryf. *[LU 2m: om persoonlike reaksies op ’n teks te gee en te motiveer.]*

Indien u die verhaal in die klas lees, kan u aan die einde van die tweede paragraaf, of aan die einde van die eerste bladsy, ophou lees en die leerders vra om hulle boeke toe te maak, en dan hierdie vrae aan hulle stel:

1. Wie is die verteller? Wie vertel die verhaal? Is dit ’n seun of ’n meisie?
2. Hoe voel hy of sy? Hoe weet jy dit? *[LU 2b: om te vluglees vir hoofgedagtes; LU 2c: om te soeklees vir ondersteunende inligting.]*
3. Wat is sy of haar opsies – wat dink jy gaan hy of sy volgende doen? *[LU 2j: om die standpunt van die skrywer of van karakters te herken, om ondersteunende bewys uit die teks te gee.]*

Die doel met die onderbreking en vrae, soos dié voordat gelees word, is om belangstelling in die verhaal te stimuleer: deur vrae te stel wat nie volledig in hierdie stadium beantwoord kan word nie, lok u bespiegeling, voorspelling en raaiwerk uit. Leerders sal dan gretiger wees om die verhaal te lees om vas te stel of hulle reg was.

Assessering

U kan kommentaar oor die leerders se vermoë om persoonlike response te lewer, neerskryf.

Indien u goeie lesers in die klas het, kan hulle die lees met u deel. *[LU 1a: om hardop te lees.]*

U kan die leerders se leesvermoë assesseer deur ’n rubriek soos die een hieronder te gebruik:

Naam:	**7**	**6**	**5**	**4**	**3**	**2**	**1**
Goeie stemprojeksie?							
Oogkontak?							
Pouses weerspieël punktuasie?							
Klem weerspieël betekenis?							
Uitspraak korrek?							
Verstaan wat gelees word?							

U assessering kan dan na ’n graderingskaal soos die een hieronder oorgedra word:

Graderingskode	Vermoë om hardop te lees	Punte (%)
7	Uitmuntend – uitsonderlike stemprojeksie, oogkontak, pouses, beklemtoning, uitspraak, begrip van wat gelees word	80-100
6	Verdienstelik – baie goed in alle opsigte	70-79
5	Bevredigend – goed in alle opsigte	60-69
4	Voldoende – goed in sommige opsigte	50-59
3	Gemiddeld – aanvaarbaar in sommige opsigte	40-49
2	Basies – onaanvaarbaar in die meeste opsigte	30-39
1	Ontoereikend – onaanvaarbaar in alle opsigte	0-29

Aktiwiteit 1b: Voltooi die verhaal – lees en bespreking

Na die onderbreking vir Aktiwiteit 1a, kan u, saam met die leerders, die res van die verhaal lees.

Aan die einde van die verhaal kan u ’n paar eenvoudige vrae met kort antwoorde vra om te kyk of leerders die verhaal verstaan. Die vrae kan aan die klas as ’n geheel gestel word *[LU 1a*: *om ’n onvoorbereide respons te lewer],* of so gestel word dat dit in pare/groepe bespreek kan word, met ’n verslag oor die gevolgtrekkings wat elke paar/groep gemaak het. *[LU 1d*: *om aan groepbesprekings deel te neem, idees uit te druk en standpunte te verdedig.]*

Die leerders toon hul vlakke van begrip deur die beantwoording van hierdie vrae *[LU 2b: om te vluglees vir hoofgedagtes, LU 2c: om te soeklees vir besonderhede, LU 2e: om die betekenis van onbekende woorde af te lei]*:

1. Waarom hardloop die seun, die verteller, uit die huis uit?
2. Waarom klouter hy op die Pick ’n Pay-vragmotor? Waarom hou hy van die idee van afval? Waarom wil hy uiteindelik afklim?

3. Waarom noem hy die rooi motor “my motor” (bladsye 2, 3)?
4. Waarom gaan hy in die gemeenskapsentrum in?
5. Waarom besluit hy om **nie** deur die toiletvenster te ontsnap nie?
6. Waarom sê Mosake aan party seuns en meisies om pad te gee?
7. Wat bedoel die seun wat langs die verteller staan wanneer hy sê “Plek-plek kan die rit maar stamperig wees”? Waarom verstaan die verteller hom nie?
8. Naby die einde van die verhaal sê die verteller dat die kamer en alles buite “doodgewoon” gelyk het. Waarom?

Antwoorde

1. Hy wil nie mnr. Nzule en sy vrouens sien nie. Hy is kwaad dat sy ma mnr. Nzule toelaat om vrouens in haar huis in te bring. Hy voel magteloos en nie in beheer in sy eie huis nie.
2. Dit is prettig en opwindend, hy geniet die gevoel van die wind in sy gesig, die spoed. Dit is vir hom lekker om weggeneem te word van die huis af, omdat hy ongelukkig is by die huis. Hy hou van die idee van afval, want die pyn sal hom van die ongelukkigheid by die huis help vergeet. Dan, wanneer die vragmotor te vinnig beweeg, begin hy afgly. Sonder om werklik daaroor te dink, besef hy dat hy sou kon seerkry en dat hy dit nie werklik wil hê nie. Hy doen iets om homself teen besering te beskerm.
3. Hy wil hê dit moet syne wees; dit is die motor van sy drome.
4. Hy aanvaar die uitdaging van die man wat dink hy is daar vir die oudisie; en, hy is nuuskierig.
5. Hy is nuuskierig; hy kan later wegkom, indien hy wil.
6. Hulle is nie goed genoeg nie, nie wat hy soek nie.
7. Die vermaaklikheidsbedryf, toneelspeel, dans en sing, opleiding onder Mosake, dit kan alles baie moeilik wees, harde werk, selfs onaangenaam. Die verteller was nog nooit tevore in die vermaaklikheidsbedryf nie, of miskien het hy net nie die Engelse uitdrukking “showbiz” verstaan nie.
8. Wat met hom gebeur het, daarenteen, was wonderlik, buitengewoon.

Assessering

U kan van groep tot groep beweeg, en aanteken hoe goed leerders na mekaar luister, idees uitdruk en hulle standpunte verdedig. 'n Voorbeeld van 'n rubriek word hieronder gegee.

Naam: Frances	**Uitmuntend**	**Goed**	**Aanvaarbaar**	**Nie aanvaarbaar nie**
Neem standpunt in?	✓			
Druk idees duidelik uit?			✓	
Verdedig standpunte?		✓		
Luister na ander?			✓	
Respekteer ander?				
Gaan ander se werk na?		✓		
Raak betrokke by kultuurkwessies?				✓
Raak betrokke by sosiopolitieke kwessies?				✓
Grammatikale korrektheid?			✓	

Assessering

Die meeste van hierdie vrae toets slegs begrip. Sommige vrae delf egter dieper. By die beantwoording van vrae 2 tot 5 en 8, byvoorbeeld, word leerders uitgedaag om die verteller se gevoelens en reaksies te begryp. *[LU 2j*: *om die skrywer of karakter se standpunt te herken en ondersteunende bewys uit die teks te gee.]* U kan 'n assessering van leerders se antwoorde neerskryf.

Aktiwiteit 1c: Voltooi die verhaal – skryf en begryp

Op hierdie tydstip sou dit moontlik 'n goeie idee wees as leerders antwoorde by sommige van die vrae hierbo kon neerskryf. Dit sal in die besonder geskik wees vir swakker leerders wat daarby sal baat om hulle taalvaardighede met relatief eenvoudige antwoorde te oefen. Die neerskryf van die antwoorde sal ook woorde-

skat en uitdrukkings wat gebruik word, versterk. *[LU 3f: gebruik 'n verskeidenheid sinstipes en -lengtes; LU 3h: gebruik logiese verbindings om kohesie te verseker.]*

Assessering

'n Kontrolelys soos die een hieronder kan gebruik word.

Naam: Thandi	**Ja**	**Nee**
Skryf goeie enkelvoudige sinne		
Gebruik saamgestelde sinne		
Gebruik veelvoudige sinne		
Vermenging die bogenoemde sinsoorte		
Skryf 'n goeie vermenging van kort/lang sinne		
Gebruik neweskikkende sinsnede soms eerste		
Gebruik voegwoorde vir kohesie		
Gebruik voorsetsels vir kohesie		
Gebruik bywoorde vir kohesie		
Gebruik voorsetsels vir kohesie		
Grammatikale korrektheid		

U kan leerders ook vra om 'n opsomming van die intrige/hoofgebeure te gee, óf puntsgewys, óf in 'n vloeikaart. *[LU 2d: som hoof- en ondersteunende gedagtes op; LU 3d: gebruik tegnieke soos sleutelwoordlyste en vloeikaarte.]*

Assessering

U kan verbeteringe aanbring en voorstelle aan leerders maak en ook herhalende foute of nuttige verbeteringe neerskryf om by die portefeuljes te voeg. Vertel die leerders van hierdie verbeteringe en voorstelle – dit sal hulle help met self-assessering.

Leesaktiwiteite – langer vrae

Aktiwiteit 2: 'n Verdere oorweging van die verhaal

Nou is dit tyd om 'n paar langer vrae te vra. Die vrae kan in pare of groepe bespreek word vir mondelinge verslaglewering. Dit kan ook vir langer skriftelike antwoorde gebruik word.

Mondelinge verslaglewering kan uit kort aanbiedings bestaan. *[LU 1j en 1k: lewer doeltreffende mondelinge aanbiedings deur van gepaste retoriese middele, soos pouses en herhalings, gepaste toon, stemprojeksie, oogkontak en gebare, gebruik te maak; LU 1n: luister na en reageer op vrae; LU 1o: gebruik gepaste styl en registers. LU 2q: toon die vermoë om tussen feite en menings te onderskei; LU 2u: herken die gevolge van emotiewe en manipulerende taal, partydigheid, vooroordeel en stereotipering en daag dit uit; LU 2d: in staat om hoofgedagtes en ondersteunende gedagtes op te som; LU 2i: herken geïmpliseerde betekenisse, en (2j) die standpunt van die skrywer of karakter; LU 2n: herken hoe tekste waardes en gesindhede kan vertoon en verberg; LU 2p: verduidelik en ontleed sleutelkenmerke, soos intrige, konflik, karakter, en elemente soos (2q) boodskappe en temas; (2r) verduidelik hoe agtergrond en milieu verband hou met karakter en tema en (2s) hoe dialoog en handeling verband hou met karakter en tema; (2t) verduidelik stemming, tydlyn en gevolgtrekkings. LU 3d: gebruik breinkaarte, diagramme, en so meer om hulle idees te verduidelik. LU 4a: gebruik taalstrukture op gepaste en korrekte wyse, in die besonder (4i) werkwoordtye en werkwoordvorme, (4j) voorwaardelike wyse, (4f) vergrotende trap en (4n) kongruensie.]*

Assessering

Gee vir die leerders 'n assesseringsblad waarmee hulle mekaar kan assesseer. Verduidelik vooraf vir hulle watter aspekte u sal assesseer, en watter graderingskaal u gaan gebruik. U kan ook hierdie assesseringsblaaie gebruik om u eie assessering te kontroleer en ook om leerders se begrip van die vaardighede wat nodig is vir die lewer van aanbiedings te takseer. Hieronder is 'n voorbeeld wat aangepas kan word in ooreenstemming met die behoeftes van u leerders, en by die aspekte waarop hulle moet konsentreer.

Leerder se naam ……	**Uitmuntend**	**Goed**	**Aanvaarbaar**	**Nie aan-vaarbaar nie**
Goeie stemprojeksie?	✓			
Oogkontak?			✓	
Goeie pouses, herhalings?		✓		
Verduidelik idees duidelik?			✓	
Visuele hulpmiddels om te verduidelik?			✓	
Verstaan die verhaal?		✓		
Verstaan karakters?				✓
Verstaan idees in verhaal?				✓
Grammatikale korrektheid?		✓		

Langer skriftelike antwoorde kan as ’n tuiswerkopdrag gegee word, of in die klas voltooi word om ingehandig en nagesien te word. *[LU 3a: demonstreer beplanningsvaardighede; LU 3c: in staat om onderwerpe na te vors; LU 3f: gebruik ’n verskeidenheid sinslengtes, -tipes en -strukture; LU 3g: gebruik paragraafkonvensies om koherensie te bevorder; LU 3h: gebruik logiese verbindings, soos voegwoorde, voornaamwoorde, bywoorde en voorsetsels; LU 3i: evalueer hulle eie skryfwerk en dié van ander leerders; LU 3m: demonstreer sensitiwiteit vir vraagstukke en gesindhede. LU 4a: gebruik taalstrukture en -konvensies op gepaste wyse en doeltreffend; demonstreer kennis van LU (4b) spelling, (4c) afkortings, (4d) voorsetsels en agtersetsels, (4e) geslag en meervoude, (4f) die vergrotende en oortreffende trap, (g) homofone en homonieme. Is in staat om (4h) woordsoorte, (4i) verskillende werkwoordtye en werkwoordvorme, (4j) voorwaardelike wyse, (4k) modale, (4l) enkelvoudige, saamgestelde en veelvoudige sinne, (4m) aktief en passief, (4n) kongruensie, (4o) punktuasie en (4p) figuurlike taal te identifiseer en op korrekte wyse te gebruik. Is in staat om (4r) denotasie en konnotasie te identifiseer, (4s) implisiete boodskappe, waardes en gesindhede te verduidelik en te ontleed, en (4t) om partydigheid, stereotipering en manipulerende taal te identifiseer en te bevraagteken.]*

Assessering

Soos met die mondelinge aanbiedings kan u hierdie werk assesseer, of ook vir die leerders die geleentheid vir selfassessering bied. Verduidelik weereens vir die leerders hoe u hulle skryfwerk sal evalueer voordat hulle skryf. Hieronder is 'n voorgestelde assesseringsblad wat leerders kan gebruik.

Leerder se naam: ……..	**Uitmuntend**	**Goed**	**Aanvaarbaar**	**Nie aan-vaarbaar nie**
Goed beplan?	✓			
Verskeidenheid sinne?				
Goeie paragrafering?				
Goeie logiese verbindings?				
Grammatikale korrektheid?				
Werkwoordtye en -vorme?				
Sinsbou?				
Kongruensie?				
Begryp implikasies?				
Herken vooroordeel, en so meer?				

U kan ook die prestasieskaal vir die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 – 12 (Algemeen) gebruik, sodat leerders 'n algemene assessering van hulle klasmaats kan doen. Die skaal word hieronder verskaf.

Graderingskode	Gradering	Punte %
7	Uitmuntende prestasie	80-100
6	Verdienstelike prestasie	70-79
5	Bevredigende prestasie	60-69
4	Voldoende prestasie	50-59
3	Gemiddelde prestasie	40-49
2	Basiese prestasie	30-39
1	Ontoereikende prestasie	0-29

Die leerders beantwoord die volgende vrae skriftelik of mondelings.

1. Wat verteenwoordig die motor in die verteller se lewe? Is dit betekenisvol dat hy van die vragmotor afval presies daar waar die motor geparkeer was?
2. Waarom is dit so belangrik dat hy dans en sing?
3. Dink jy hy sal terugkom vir die repetisies? Gee ’n rede vir jou antwoord. Indien hy nie vir die repetisies terugkom nie, dink jy hy het hoegenaamd enigiets bereik die dag toe hy die rooi sportmotor gevolg het?
4. Watter soort “keerpunt” behels hierdie verhaal?

Antwoorde

1. Die motor verteenwoordig sy drome, sy ambisies, wat hy uit die lewe wil hê. Deur dit na te streef, wend hy ’n poging aan om sy drome en ambisies te verwesenlik en te bereik. Hy probeer die motor volg – hy skuifel om die hoek van die vragmotor om dit agterna te kyk – maar dan verdwyn dit wanneer die vragmotor erg stamperig ry op die verweerde pad (bladsy 2: let op die werkwoorde wat die poging en sy sterker gevoel aandui: skuifel, staar, tref, sleep, skuur, klou desperaat, brand, kielie.) *[LU 4h: identifiseer woordsoorte.]* Die toeval dat hy afgeval het presies daar waar die rooi motor geparkeer was, sou moontlik kon beteken dat ’n mens jou ambisie kan bereik deur ’n poging aan te wend, selfs wanneer jou poging soms nie op die regte spoor is nie *[LU 2i: herken geïmpliseerde betekenisse].*
2. Hy toon sy moed en vasberadenheid deur voort te gaan met iets wat so nuut

is vir hom. Hy gaan in die gemeenskapsentrum in, maar vlug nie deur die toilet weg nie. Hy dans ondanks sy senuagtigheid. Hy bewys homself, sy waarde, sy moed. Hy neem beheer van sy lewe, anders as by die huis waar hy nie in beheer is nie.

3. Hy sou kon terugkom ten einde iets te bereik wat werklik die moeite werd is, om sy vaardigheid te demonstreer, om sy vermoë om betekenis aan sy eie lewe te gee te bewys, om aan homself en aan ander te demonstreer dat hy in beheer van sy lewe is, dat hy die meester van sy eie lotsbestemming is. As hy nie vir die repetisies terugkom nie, het hy steeds iets bereik: die wete dat hy van sy ongelukkige situasie kan wegkom, die wete dat hy die vaardighede het en die vermoë besit wat betekenis aan sy lewe gee.
4. Dit is die keerpunt van frustrasie, woede, van nie in beheer van sy lewe wees nie, destruktief, selfs geneig tot selfmoord, na om trots te wees op sy prestasie, veilig in die wete dat hy beheer kan neem van sy lewe, konstruktief, positief in gesindheid. Hy het die keerpunt bereik van ’n kind wie se bewegings en emosies bepaal word deur volwassenes na ’n volwassene wat sy eie optrede en emosies bepaal. Miskien besef hy ook dat dit nodig is dat hy ’n poging moet aanwend om sukses in enigiets te bereik. (Wanneer ’n mens iets besef, is dit die keerpunt van onkunde na kennis.) *[LU 2j: herken die standpunt van die skrywer of karakters in die verhaal.]*

Aktiwiteit 3: Oorweeg temas en boodskappe

Voordat verder gegaan word met ’n nadere ondersoek van taal, kan u die leerders vra wat die tema(s) en boodskap(pe) van die verhaal is. *[LU 2q: om boodskappe en temas te verduidelik (en in HT te interpreteer en te evalueer).]* In samehang hiermee, of om te help om tema en boodskap duideliker te maak, kan u hulle uitvra oor die sosiokulturele en politieke vraagstukke in die verhaal. *[LU 2n: om te herken (en in HT te evalueer, verduidelik en ontleed) hoe tekste sosiokulturele en politieke waardes, gesindhede en oortuigings kan weerspieël en vorm.]*

In “Die rooi sportmotor” sluit die temas grootword, die verkryging van onafhanklikheid en die verkryging van vryheid van huis/gesin/agtergrond in. Boodskappe sluit in die gedagte dat die verkryging van sukses inspanning vereis, en dat natuurlike talent nie vermors moet word nie. Die sosiokulturele agtergrond is

nie so belangrik nie, behalwe dat dit onwaarskynlik is dat die verteller in ’n samelewing woon waar persoonlike talent en inspanning hom verder sal kry as om in die skool voort te sukkel.

Leerders sal waarskynlik met ander idees omtrent temas en boodskappe vorendag kom. Daar kan baie ander idees wees afgesien van dié wat hier voorgestel word of dié waaraan die onderwyser kan dink: dit is ’n aanduiding van ’n goeie verhaal, dat dit baie dinge vir baie mense kan beteken. Enige idee is goed indien dit uit die teks gestaaf kan word. Met ander woorde, leerders moet hulle idees ondersteun met bewyse uit die teks.

Aktiwiteit 4: Ontgin die taalgebuik in die verhaal

U kan op hierdie tydstip verdere grammatika-oefeninge doen. U moet egter ook hieroor sensitief wees. Onderwysers bederf te dikwels leerders vreugde in ’n verhaal deur dit vir grammatika-oefeninge te gebruik. Dit is beter dat taalaspekte op ’n natuurlike wyse na vore kom, as deel van die bespreking van die verhaal. Die identifisering van ’n woordsoort of beskrywing van ’n sinstipe behoort nie ’n doel op sigself te wees nie, maar eerder ’n manier om te begryp hoe ’n skrywer die vereiste effek bereik. Wanneer u byvoorbeeld vir die leerders vra hoe die verteller voel, kan u versoek dat hulle ’n byvoeglike naamwoord soek, byvoorbeeld: “kwaad”. U kan vra dat hulle werkwoord-bywoord-kombinasies identifiseer, byvoorbeeld: “stadig afdruk” – ’n aanduiding van wreedheid wat uit woede voortspruit, asook “skuif raserig” – die handeling dui woede aan. Deur dit te doen, sal u die leerders help om die effek van verskillende tipes woorde en sinsbou te begryp.

Aangesien die emosie in hierdie verhaal so intens is, kan u die leerders in ’n aanvullende oefening vra om te demonstreer hoe die skrywer die verteller se gevoelens en emosies aandui. Dit is dalk verrassend, maar hy doen dit nie hoofsaaklik deur byvoeglike naamwoorde nie (byvoorbeeld bladsy 2: “kwaad”, “gekneus”, “kaal”, “afgeslag”, “dood”) maar deur fisieke sensasies en bewegings: byvoorbeeld “knip die stof uit my oë”; “klou desperaat aan die slot”; “sweet brand my oë en kielie in my nek af”; “my kop draai al in die rondte”; “ek hink oor die pad” (bladsy 2), asook “ek voel my stem verdwyn in die ander stemme”; “hoor die melodie van die oop veld”; “dit voel of ons voete vasgespyker is aan

die vloer"; "stamp ons voete"; "vul die hele saal met ons stemme" (bladsye 4 en 5). U kan die leerders vra watter woordsoorte hierdie woorde is (meestal werkwoorde en selfstandige naamwoorde, maar ook bywoorde). Dit bied vir die leerders wat dink mens het byvoeglike naamwoorde en bywoorde nodig om gevoelens te beskryf, 'n bruikbare les.

'n Ander interessante oefening sal wees om sinstipe en -lengte te ondersoek. Sinne is gewoonlik van gemiddelde lengte, maar op bladsy 4 is daar 'n reeks kort, enkelvoudige sinne in die paragraaf wat begin met "Ons kyk mekaar vas in die oë", terwyl daar op bladsy 5, onder die liedjie, 'n baie lang sin in die vyfde reël van die paragraaf is – "Ek voel hoe my woede verander …". Waarom? (Moontlik omdat ons in die eerste geval by die punte stop soos die handeling stop wanneer hulle na mekaar kyk. Elke kort sin dui 'n sterk, belangrike gedagte aan wat deur die verteller se gedagtes gaan. Ons moet, soos die verteller, die gedagte stadig en ernstig deurdink. In die tweede geval beskryf die skrywer hoe die gesing en gestamp deur een seun na die ander voortgesit word in 'n deurlopende, ononderbroke progressie. In albei gevalle weerspieël die sinsbou die handeling in die verhaal.)

Indien leerders tekens van verveling toon terwyl hulle hierdie taalaktiwiteite doen, sal dit waarskynlik verstandig wees om dit te laat vaar. U wil nie hulle genot van die huidige verhaal bederf, en hulle die begin van die volgende een laat vrees nie.

Aktiwiteit 5: Bespreek, debatteer en skryf oor die verhaal

Leerders wat daarin belang stel, sou dalk 'n verdere skryfaktiwiteit kon doen wat ook vir assessering gebruik kan word. Gee vir dié leerders 'n week, of selfs langer, om die taak te voltooi. Sê vir hulle dat dit 'n belangrike deel van hulle portefeulje sal uitmaak.

Gee byvoorbeeld vir die leerders opdrag om 'n opstel van ongeveer 300 woorde oor die volgende onderwerp te skryf.

Die verhaal eindig so:

Vandag het ek 'n rooi sportmotor gevolg.
En ek het gesing.

Wat dink jy sal die verteller aan die einde van die Maandag skryf? Skryf die storie van wat daardie dag gebeur het.

Assessering

Assessering van *LU 3* en *LU 4* word gedoen. U kan self besluit met watter instrument u hierdie werk wil assesseer – dit moet verskeie van die AS'e vir *LU 3* en *LU 4* dek.

Die voorgestelde prosedure vir die bestudering van al die kortverhale

Hier is 'n opsomming van die prosedure wat ons voorstel vir die deurwerk van elke verhaal in *Keerpunt*:

- Lees die verhaal.
- Stel vrae vir kort antwoorde om begrip te toets. Die leerders moet al die vrae bespreek en dan die antwoorde op sommige vrae neerskryf. U kan hierdie antwoorde assesseer. U kan versoek dat hulle 'n opsomming van die intrige/ hoofgebeure puntsgewys neerskryf of in 'n vloeikaart weergee.
- Stel vrae vir langer antwoorde om die leerders oefening te gee met kort aanbiedings van gedagtes. Leerders kan ook die teks van hulle aanbiedings neerskryf.
- Assesseer sowel mondelinge as skriftelike aanbiedings.
- Indien gepas, stel verdere vrae om op die taalgebruik in die verhaal te fokus.
- Stel 'n langer vraag of vrae vir skriftelike antwoorde. Dit kan ook vir assessering gebruik word.

In die vrae en aktiwiteite vir die kortverhale hierna sal met behulp van slegs die nommer na die leeruitkomste verwys word, byvoorbeeld *[LU 2c],* wat na die lyste op bladsye 1 tot 3 hierbo verwys. Onthou altyd dat elke taak of vraag in UGO 'n aspek van 'n besondere uitkoms moet betrek.

’n Bestudering van die res van die verhale

‘‘TWEE VISSERMANNE’’ – JENNY HOBBS

Aktiwiteit 1

[LU 2b, LU 2c, LU 2t; LU 1a]

Leerders werk individueel en beantwoord die volgende vrae:

1. Wie is die twee vissermanne na wie in die titel verwys word?
2. Wat irriteer Helen omtrent haar ouers?
3. Is die einde gelukkig of hartseer?

Antwoorde

1. Die swart visserman en Kenny.
2. Hulle wil toesig hou oor haar aktiwiteite en gevoelens: “Helen is eensaam”. Hulle is voorspelbaar, die ma oorbesorg. (Sou hierdie oorbeskerming gedeeltelik verantwoordelik kon wees vir Helen se swak oordeel oor karakter?)
3. ’n Kombinasie. Vir Helen is dit ’n hartseer einde aangesien sy besef hoe sy die swart visserman beledig het. Sy ervaar ook skok en teleurstelling oor Kenny. Die einde sou as gelukkig gesien kon word in die sin dat Helen dinge oor mense en oor haarself geleer het, en so dus ’n verstandiger persoon geword het. Dit is goed om van vooroordeel en ’n valse kennis van ’n mens self en omtrent ander mense ontslae te raak.

Aktiwiteit 2

[LU 1f, LU 1g, LU 1j tot LU 1n, LU 1r, LU 1u; *LU 2d, LU 2f, LU 2i tot LU 2k, LU 2n, LU 2o, LU 2p, LU 2r*, *LU 2t]*

Hierdie vrae moet deur leerders nagevors word, en kan dan mondeling, individueel of in groepe deur hulle aangebied word. Die leerders kan ook hul antwoorde neerskryf.

Die swart visserman en Kenny is duidelik kontrasterende karakters – daar is verskille tussen hulle. Die leerders beantwoord die volgende vrae oor hierdie kwessie:

1. Ondersoek Helen se gevoelens jeens die swart visserman wanneer sy hom die eerste keer sien. Waarom verander haar aanvanklike belangstelling in hom na wantroue en vrees? Wat het sy op die ou end omtrent gesindhede en vooroordeel geleer?
2. Ondersoek haar gevoelens jeens Kenny aan die begin en aan die einde van die verhaal. Waarom tree Kenny op dié wyse op? Wat het Helen aan die einde omtrent Kenny, seuns in die algemeen, en oor grootword geleer?

Antwoorde

1. Die reaksie is kompleks. Sy is verras oor sy ouderdom en fantaseer oor ’n liefdesgeskiedenis tussen ’n Arabiese handelaar en ’n Zulu-meisie. ’n Tiener se liefde vir romanse? Sy is verras deur sy direkte kyk, ongewoon vir ’n swart man in daardie tyd. Dan verander haar gesindheid. Sy weet wat haar ouers se reaksie in so ’n situasie sal wees, en haar reaksies word steeds grootliks deur hulle beïnvloed. Alhoewel sy belang stel – sy “staar na die visserman” (bladsy 11), het sy ’n “ligte gevoel van ontsteltenis” (bladsy 12) ervaar toe hy vinniger na haar toe begin stap het. Sy het vae denkbeelde van verkragting begin kry. Hierdie beelde het nie op persoonlike ervaring berus nie, maar op die manier waarop sy grootgemaak is, op die sosiale en rassegesindhede van die tyd. Daarna was sy “regtig bang” (bladsy 13). Aan die einde sien sy die “nooit te vergete uitdrukking op die visserman se gesig” (bladsy 16). Hierdie uitdrukking sou teleurstelling in Helen kon wees, pyn oor die besef van haar rassistiese reaksie, miskien teleurstelling en pyn omdat sy sy bedoelings verkeerd verstaan het, nie verstaan het dat hy haar horlosie aan haar wou terugbesorg nie, miskien pyn omdat hy geweet het sy vrees hom meer as wat sy Kenny, wie se bedoelings minder eerbaar was, gevrees het.
2. Herinneringe van gelukkige vriendskappe uit haar kinderjare word verplaas deur ongemak en vermyding. Tog stel sy steeds in hom belang: sy wonder of hy “sal omdraai en haar sal sien” (bladsy 10). Aan die einde van die verhaal skok en verneder sy gedrag haar; sy voel gebruik. Miskien is hy net ongemaklik, nie in beheer van homself nie. Miskien begryp hy nie sy fisieke be-

hoeftes nie. Miskien doen hy wat hy dink verwag word van ’n seun wat met ’n meisie flankeer. Miskien het hy nodig om homself te bewys, of om intimiteit te ervaar. Helen het geleer dat grootword ’n verandering in ’n mens se behoeftes en gevoelens veroorsaak en dat dit ook die aard van jou verhoudings verander. Seuns het soms behoeftes en gevoelens wat verskil van dié van meisies; hulle groeipatroon is nie altyd dieselfde as dié van meisies nie. Sy is gelukkig om so naby hom te wees, terwyl hy oorweldig is deur sy eie fisieke of emosionele behoeftes.

Assessering

Sê vir die leerders waarna u gaan luister en assesseer hul prestasie dan met behulp van rubrieke. Antwoorde kan ook neergeskryf word, en hierdie antwoorde kan geassesseer, nagesien en opgeteken word.

Aktiwiteit 3

[LU 2q, LU 2n]

Leerders dink na oor hierdie temas en boodskappe:

- Grootword.
- Begrip van mense en hulle motiewe.
- Selfinsig.
- ’n Mens se optrede is dikwels die gevolg van onbewuste gevoelens en verborge gedagtes.
- Politieke beleide beïnvloed interpersoonlike verhoudings.

Aktiwiteit 4

[LU 2j; LU 2s; LU 4h, LU4k, LU 4s]

Leerders kan hierdie aktiwiteit individueel, in pare of in groepe beantwoord.

1. Hoe dra die skrywer Helen se ma se karakter oor deur haar vraag aan Helen, “Sal dit nie te warm wees nie?”, en haar optrede toe sy in die slaapkamer instap, terwyl sy “die deur met ’n netjiese kliek toemaak” (albei op bladsy 9)?

2. Soek al die verwysings wat dui op Helen se gevoelens met betrekking tot Kenny se soen op bladsy 15.
3. Dink jy haar gevoelens word sterker oorgedra deur 'n kombinasie van byvoeglike naamwoord-selfstandige naamwoord of deur werkwoord-bywoord-kombinasies?

Antwoorde

1. Die vraag dui aan dat die ma taamlik seker is dat dit te warm is, en dat sy dink Helen is te onvolwasse en kinderagtig om dit te besef. Sy sê dit egter in die vorm van 'n vraag, asof sy daardeur wil sê dat sy te sagsinnig en te hoflik is om dit direk te sê, maar Helen wil lei om tot dieselfde gevolgtrekking te kom. Sy verwag duidelik nie dat Helen van haar sal verskil nie. Die manier waarop sy die deur met 'n "netjiese kliek" toemaak, dui op 'n persoon wat trots is op haar selfbeheersing – sy gaan nie die deur in woede toeklap nie – maar omdat sy sensitief is, hoop sy dat Helen sal begryp hoe haar grimmige woorde haar seergemaak het. Sy hoop waarskynlik dat Helen skuldig sal voel en agter haar sal aanhardloop en om verskoning sal vra. Dit dui op manipulatiewe gedrag van die ma se kant af.
2. Sy het van hom verwag om haar "sag" te soen, op 'n "wrang, liefderyke manier". In plaas daarvan was daar 'n "harde saampers van die lippe", die "elektriese skok van sy tong wat haar tande van mekaar dwing". "Sweet prik op haar bolip. Sy proe sout en die effense soet van sy vreemde speeksel." Sy voel die "rasperende stoppels op sy wang", en haar "lippe beweeg stram". Sy mond "kom weer nader". Sy sit regop en "vee die sandkorrels wat om haar mond saamgekoek het, weg".
3. Byvoeglike naamwoord-selfstandige naamwoord: "skewe, liefdevolle wyse"; "effense soet, vreemde speeksel"; "rasperende stoppels"; "saamgekoek … mond". Werkwoord-bywoord: "soen teer"; "dwing tande van mekaar"; "[lippe] beweeg stram". Haar gevoelens word klaarblyklik sterker oorgedra deur die kombinasie van byvoeglike en selfstandige naamwoorde.

Aktiwiteit 5
[LU 3a tot LU 3c, LU 3f, LU 3h, LU 3k]

Die leerders voltooi hierdie aktiwiteit individueel. Hulle skryf 'n kort opstel oor die volgende onderwerp:

- Verbeel jou dat jy Helen is en skryf haar dagboekinskrywing vir daardie aand.

Assessering
Sê vir die leerders dat 'n suksesvolle skryfstuk in hierdie geval natuurlik en vloeiend sal klink. Dit moet 'n vloei van gedagtes uit die hart uit wees, en die gedagtes moet toepaslik wees vir 'n tienermeisie in Helen se situasie. Hulle kan hulself en hul klasmaats eers assesseer en daarna kan u die skryfwerk nagaan en assesseer.

"VLERKE VIR BULBIE" – PATRICK WALDO DAVIDS

Aktiwiteit 1
[LU 2b, LU 2c, LU 1a]

Die leerders voltooi hierdie aktiwiteit individueel en beantwoord die volgende vrae:

1. Waarom noem die leerders George Smith "Bulbie"?
2. Wie was of is die volgende: Bogart, Einstein, Newton, die Antichris, Jules Verne?
3. Verduidelik die betekenis van: "D-dag"; "voete van klei".
4. Wat bedoel Bulbie wanneer hy aan sy leerders sê: "Moenie Smarties op my lawn gooi nie"?

Antwoorde

1. Hy is so vol alkohol dat hy soos 'n gloeilamp sal gloei indien 'n mens hom by 'n sok indruk; verder is hy kort en het 'n boepens – die vorm van 'n gloeilampie.

2. Humphrey Bogart was ’n romantiese en “tawwe” filmster van die ou swart-wit-flieks. Bulbie wil graag sterk lyk in die oë van die twissoeker in die klas. Albert Einstein was ’n wetenskaplike wat beroemd was vir sy relatiwiteitsteorie. Isaac Newton was ’n wetenskaplike wat beroemd was vir sy teorie van swaartekrag. Sowel Einstein as Newton word vandag gerespekteer, maar is in hulle tyd as besete beskou. Die Antichris is die Duiwel, die vyand van Christus, en dus ’n bedreiging vir menslike lewe en enigiets goeds. Jules Verne was ’n Franse skrywer van wetenskapfiksie (verhale wat in ’n moontlike toekoms afspeel).
3. ’n Dag van belangrike gebeure, die beroemdste is die dag toe die Geallieerde troepe op die strande van Noord-Frankryk aan land gekom het (6 Junie 1944), wat die begin van die einde van die Tweede Wêreldoorlog was. Iemand met voete van klei is menslik, feilbaar; hy/sy het swakhede en foute wat dalk nie met die eerste oogopslag deur ander raakgesien kan word nie.
4. Hy wil hê hulle moet reguit en eerlik met hom wees, en nie hulle gevoelens indirek deur iets soos die brandewynstortbad uitdruk nie. Wanneer sy pa Smarties op die gras sit, is dit omdat hy die kinders uit die pad wil hê sodat hy alleen by sy vrou kan wees; hy wou dit nie direk sê nie.

Aktiwiteit 2

[LU 1f, LU 1g, LU 1j tot LU 1n, LU 1r, LU 1u; LU 2j, LU 2k, LU 2n, LU 2o, LU 2q, LU 2s; LU 4p]

Die leerders doen navorsing oor die vrae hieronder. Hulle bied hul bevindinge mondelings aan (individueel of in groepsverband). Hulle kan ook hul antwoorde individueel neerskryf:

1. Wat is die verskil tussen die houding van die leerders en dié van die onderwysers jeens Bulbie, en waarom verskil dit so baie?
2. Wat is die betekenis van “vlerke” in die verhaal?

Antwoorde

1. Aan die begin verstaan die leerders hom nie; hulle dink hy is snaaks of mal, maar sy sin vir humor haal hulle oor. Dit lyk nie of hulle op sy verstandige

woorde reageer nie, maar hulle onthou dit. Hulle begin genoeg van hom hou om verskoning te vra vir die toertjie met die brandewynstortbad, en om die skoolhoof te versoek om hom by die skool te hou. Die volwassenes, aan die ander kant, hou nie van hom nie: die gemeenskap is konserwatief en sterk teen alkohol gekant. Die waarskynlikste rede vir die verskil in gesindhede is dat die leerders hom leer ken en met sy probleme simpatiseer; die volwassenes verdoem hom sonder om te probeer om hom te leer ken.

2. Vlerke is vir vlieg, vir beweeg, soos in die Jules Verne-verhaal waarin mense 'n ruimtetuig bou wat deur voëls aangedryf word en daarmee op die maan land. Bulbie wou hê sy seun moet sukses behaal op maniere waarop hy self sukses sou wou behaal; hy wou sy ambisie deur sy seun verwesenlik. Hy wou hê sy seun moet sy eie drome vlerke gee. Aan die einde wil Bulbie egter vlerke hê om te ontsnap, om weg te vlieg van die skande en die vernedering van bespreking deur die skoolkomitee, van gedwing word om na 'n rehabilitasiesentrum toe te moet gaan, van die hartseer oor sy seun, en van mense wat hom eenvoudig nie begryp nie. In die titel van die verhaal kan die woord "vlerke" albei betekenisse insluit: van die verwesenliking van drome en ontsnapping.

Aktiwiteit 3
[LU 2q, LU 2n]

Leerders dink na oor hierdie temas en boodskappe:

- Begrip vir mense.
- Om deur stereotipes te sien.
- Bevooroordeeldheid en die gevolge daarvan.
- Bevooroordeeldheid kan 'n mens se ambisies laat misluk.

Aktiwiteit 4
[LU 4p, LU 4r, LU 4s]

Daar is heelwat voorbeelde van figuurlike taal in hierdie verhaal, en u kan vir die leerders vra om dit te verduidelik. Hulle kan die vrae hieronder individueel, in groepe of in pare beantwoord:

1. Bladsy 17: “bostelegraaf”; “*fall from grace*”; “die aasvoëls het om sy kop begin draai”.
2. Bladsy 18: “’n stem meer giftig as die rottang”; “*gebrainstorm*”.
3. Bladsy 20: “het gevreet aan ons gewetes”; “*the world is your oyster*”.

Antwoorde

1. Bladsy 17: informele mondelinge kommunikasie; persoonlike ramp of verlies van posisie en respek; mense het daarna begin uitsien dat hy in skande en skade moet verval.
2. Bladsy 18: sy woorde sou seerder kon maak as die rottang; gedink aan al die moontlikhede.
3. Bladsy 20: laat ons sleg voel oor wat ons gedoen het; daar is baie wonderlike dinge wat ’n mens in hierdie wêreld kan doen, gaan geniet dit dus.

Aktiwiteit 5

Debat *[LU 1e]*
Skryftaak [*LU 2a tot LU 2c, LU 2e tot LU 2n]*

Die leerders kan hierdie aktiwiteit individueel of as ’n klasgroep voltooi. Hulle moet ’n debat voer oor die volgende onderwerp, of ’n kort opstel daaroor skryf:

- Dink jy die besluit van die skoolhoof en skoolkomitee was korrek? Jy moet Bulbie as onderwyser en menslike wese sien.

Assessering

’n Debat gee ’n mens ’n uitmuntende geleentheid om terug te sit en jou leerders waar te neem: hulle vermoë om te praat, te redeneer, na ander te luister en op hulle te reageer. Leerders moet nie net ’n gevolgtrekking bereik soos “gedeeltelik korrek, gedeeltelik verkeerd” nie. Hulle moet standpunt inneem en debatteer totdat een kant – die korrekte of verkeerde – die meerderheid oortuig dat hulle reg is.

Maak seker dat u in die geval van ’n skriftelike antwoord aan die leerders sê waarvolgens u hulle gaan assesseer: ’n duidelike mening, met ondersteunende redes, en duidelike verwysings na die teks om hierdie ondersteunende redes te

rugsteun; ten opsigte van taal soek u in die besonder na paragrafering wat koherensie verbeter, en logiese verbindings wat in hulle argument as wegwysers dien.

''N BELEËRDE BESTAAN'' – SANDILE MEMELA

Aktiwiteit 1

[LU 2b, LU 2c, LU 2t; LU 1a]

Leerders werk individueel en beantwoord die volgende vrae:

1. Waar was die skoolhoof?
2. Op watter "tyding" van die DOO het die verteller gewag?
3. Kyk op bladsy 28 – op watter manier het die "lewe voortgegaan"?
4. Wie of wat was beleër?

Antwoorde

1. Ons weet nie. Hy het dalk gedink dit is sinloos om na 'n skool sonder leerders toe te kom, of hy was dalk bang, of miskien het iets met hom gebeur. Wat dit ook al is, die onderwysers gee nie om nie. Dit is die punt: niks gebeur nie, en niemand voel besonder sterk oor enigiets nie.
2. Ons weet nie. Al wat ons weet, is dat daar nie op daardie tydstip enigiets in die onderwys aan die gebeur was nie. Selfs al was die DOO daartoe in staat om aan die verteller iets omtrent sy eie loopbaan te sê – 'n pos, 'n bevordering – sou dit betekenisloos wees in hierdie situasie waar geen onderrig plaasgevind het nie.
3. Dit het nie. Ten minste, niks betekenisvols was besig om te gebeur nie. 'n Betekenislose lewe was besig om plaas te vind.
4. Sizwe was beleër. Hy het geprobeer om sy elegante en stylvolle beeld te handhaaf, maar het nie die geld gehad om dit te doen nie. Die politieke en onderwyssituasie het dus die beleëring uitgemaak. In die breëre konteks was hulle lewens beleër deur die politieke en sosiale veranderinge in die land sodat hulle verlam was, nie daartoe in staat om normale, betekenisvolle lewens te lei nie.

Aktiwiteit 2

[LU 1f, LU 1g, LU 1j tot LU 1n, LU 1r, LU 1u; LU 2c, LU 2f, LU 2g, LU 2k, LU 2q, LU 2r]

Die leerders doen navorsing oor die vraag hieronder. Hulle bied hul bevindinge mondelings aan (individueel of in groepsverband). Hulle kan ook hul antwoorde individueel neerskryf:

- Sizwe se angs en frustrasie word duidelik uitgebeeld in die kontras tussen die voorgrond van wat besig was om te gebeur (of nie te gebeur nie), en die agtergrond van wat gebeur het. Soek in die verhaal besonderhede wat hierdie kontras aandui.

Antwoord

Op die voorgrond is daar lustelose onderwysers – "hulle het niks om te doen nie" (bladsy 24), 'n skoolhoof wat wegbly, geen nuus van die DOO nie; dus geen moontlike bevordering in sy beroep nie. Daar was geen handeling nie en geen besluit van Thami nie: leerders aan die een kant en veiligheidsmagte aan die ander kant maak dit vir hom onmoontlik om met sy eie sake aan te gaan.

Op die agtergrond en in die verlede is daar Sizwe se strewe daarna om, ondanks boikotte, onderrig te word en sy lewenstandaard te verbeter, en die herinneringe van gewelddadige konfrontasies tussen leerders en die polisie, byvoorbeeld, "'n Oomblik verbeel hy hom hy hoor die gille van leerlinge wat vervaard weghardloop met die polisie kort op hulle hakke, al slanend, skoppend, mokerend" (bladsy 23).

Aktiwiteit 3

[LU 2q, LU 2n]

Leerders dink na oor hierdie temas en boodskappe:

- Die uitwerking van politieke gebeure op mense se lewens, planne, ambisies.
- Hoe mense regkom wanneer hulle magteloos voel.

‘’N DONKER MEISIE IN TEPOTZLÁN’’ – HEIN WILLEMSE

Aktiwiteit 1

[LU 2b, LU 2c; LU 1a]

Leerders werk individueel en beantwoord die volgende vrae:

1. Waarmee wens Nikki die verteller geluk?
2. Waarom noem die verteller Escobar ’n rassis?
3. Waarom soek die verteller na ’n hond by die mark?
4. Waarom gee Nikki ’n “lag van herkenning” by die verwysing na Desmond Tutu se woorde?
5. Wat bedoel Nikki met Spanjaarde wat met die kerk gekoloniseer het, maar nie daartoe in staat was om die menslike natuur te vernietig nie?
6. Wat maak Nikki kwaad wanneer die verteller oor toeriste praat?
7. Waarom bedank die verteller Nikki omdat sy hom na Tepotzlán toe geneem het?

Antwoorde

1. ’n Permanente aanstelling by die Colégio de Mexico.
2. Hy skryf in die koerant dat swart mense in Suid-Afrika nog nie gereed is om hulle regte uit te oefen nie, dat daar steeds te veel barbaarsheid en ongeletterdheid onder hulle is.
3. Hy wil die kos, die *huitlacoche,* wat hy nie wil eet nie, vir die hond gee.
4. Sy besef dat ’n soortgelyke ding in Mexiko gebeur het.
5. Die Spanjaarde het hulle Christelike godsdiens op die Mexikane afgedwing, hulle godsdienstige gebruike verander, maar kon nie hulle natuurlike, menslike natuur verander nie: hulle het steeds seks beoefen.
6. Hy praat asof toeriste ’n reg daarop het dat plaaslike mense vir hulle voorsiening sal maak, asof die luukse van toerisme belangriker is as die plaaslike mense se werklike lewens.
7. Sy ervarings in die plek het hom help besluit om terug te keer.

Aktiwiteit 2

[LU 1f, LU 1g, LU 1j tot LU 1n, LU 1r, LU 1u]
[LU 2b, LU 2c, LU 2d, LU 2f, LU 2h tot LU 2k, LU 2n tot LU 2s, LU 2t]

Die leerders doen navorsing oor die vrae hieronder. Hulle bied hul bevindinge mondelings aan (individueel of in groepsverband). Hulle kan ook hul antwoorde individueel neerskryf:

1. Kan jy die verteller se besondere sterk woede jeens Escobar verduidelik?
2. Aan die begin van die verhaal het ons gehoor dat die verteller 'n permanente aanstelling gekry het. Tog besluit hy aan die einde hy wil teruggaan huis toe. Waarom? Gaan sy gevoelens deur die verhaal na, kyk na Nikki, haar karakter, haar woorde, kyk na die verteller, sy woorde en optrede, en wat hierdie optrede impliseer. Kyk in die laaste plek na dit wat Escobar skryf.

Antwoorde

1. Escobar is rassisties, en gee menings gebaseer op onvolledige kennis, wat genoeg is om die verteller kwaad te maak. Wat sake vererger, is egter dat die verteller weg van sy huis af niks doen vir Mandela nie en ook geen bydrae lewer om die situasie in Suid-Afrika te verbeter nie. Hy het moontlik skuldig gevoel, en dit sou hom meer sensitief en geneig tot oordrewe reaksie maak.
2. Ondanks die aanstelling voel die verteller magteloos, asof hy niks bereik nie – "Wat maak ek hier as ek nie eens Escobar kan teëgaan nie?" en "Nou gee ek rustig hier klas … asof alles orraait is" (bladsy 30). Hy weet dinge by die huis is nie "orraait" nie. Hy verlang huis toe en voel ontuis, en hierdie gevoel word deur Nikki beklemtoon. Sy sê: "Dit is die Mexiko waarvan ek hou" – sy is gelukkig om by die huis te wees. Hy is nie gelukkig nie en voel nie tuis nie. Met die Nahuatl-spreker voel die verteller uitgesluit, maar word aan die huis herinner – die Bo-Kaapse vroue. Hy word deur die *huitlacoche* – so anders as samoesas – daaraan herinner dat hy nie by die huis is nie. Die koerantartikel bly in sy gedagtes maal. Die ritueel van die vasmaak van die klok en "sosiale kodes, 'n Mexikaan ken dit" (bladsy 33) beklemtoon sy status as vreemdeling. Sy sê: "… ons moet onsself beskerm teen die imperialiste" – die verteller

onthou wat die imperialiste aan sy land gedoen het; nou self 'n toeris, bevind hy hom in die rol van die imperialis. Die musiek, "asof die suiwer akkoorde deur 'n wasigheid priem", is vir hom soos iets wat duidelik word. Die opklaar van die mistigheid ná die reën (bladsy 35) herinner hom aan 'n storm in die Karoo: die sensasie is eg, die nostalgie is sterk. Die plek en die mense het hom oortuig om terug te gaan.

Aktiwiteit 3

[LU 2q, LU 2n]

Leerders dink na oor hierdie temas en boodskappe:

- Politieke ballingskap.
- Begrip vir 'n mens se eie motiewe.
- Rassisme.
- Om geluk te ervaar wanneer jy iewers tuis voel.

Aktiwiteit 4

[LU 2n, LU 2o, LU 2q; LU 4t]
[LU 2s; LU 4r]

Leerders kan hierdie aktiwiteit individueel, in pare of in groepe voltooi:

1. Ondersoek die uittreksels uit Escobar se kommentaar in die koerant. Soek die rassevooroordeel, die gebrek aan logika en die teenstrydighede.
2. Daar is baie dialoog in die verhaal. Vra leerders om die dialoog deur te lees, self of hardop in pare. Assesseer dan wat ons deur hulle woorde omtrent die verteller en Nikki te wete kom. Assesseer daarna die gevolge van die oorblywende dele, die prosa.

Antwoorde

1. Rassevooroordeel: "Hulle moet eers weet hoe om daardie regte te gebruik"; "barbarisme" (bladsy 31); "dié wat agtergebly het in die Steentydperk"; "die vryheid om hulself uit te wis" (bladsy 31); " 'n donderende ry swart pionne" (bladsy 35). Gebrek aan logika; teenstrydighede: "Ek is heeltemal vir die be-

vryding van swartes" (bladsy 29); "Maar watter swartes moet vrygestel word?" (bladsy 31); "die wit mense van Suid-Afrika het geswoeg om een van die ontwikkeldste ekonomieë in die wêreld tot stand te bring" (bladsy 33).

2. Deur die dialoog kom ons iets te wete omtrent die sprekers se gedagtes, opinies, oortuigings. Die prosa skep die atmosfeer, help ons die vervreemding en die nostalgie van die verteller aanvoel; ons verstaan nie slegs sy besluit om terug te keer nie, ons "voel" dit ook.

Aktiwiteit 5
[LU 3a, LU 3b, LU 3d tot LU 3n]

Leerders werk individueel en skryf 'n kort opstel oor die volgende onderwerp:

- Verbeel jou jy woon in 'n vreemde land. Wat omtrent Suid-Afrika sal jy mis, en wat sal jy nie mis nie, en hoekom?

Assessering
Wees op die uitkyk vir 'n reaksie wat kreatief en oorspronklik is, maar wat ook gebruik maak van idees in die verhaal. Wees ook op die uitkyk na goeie ondersteunende redes om menings te rugsteun – dus die taal- en paragraaf-konvensies wat kohesie en koherensie verbeter.

"'N GEMORSSTORIE" – LINDSAY KING

Aktiwiteit 1
[LU 2b, LU 2c; LU 1a]

Leerders werk individueel en beantwoord die volgende vrae:

1. Wie is "ons", in die eerste reël van die verhaal?
2. Wat is 'n *deadline*?
3. Hy was die "groenste verslaggewer" (bladsy 36). Wat beteken dit? Watter ander betekenisse sou die woord "groen" kon hê?

4. Waarom kon hulle nie die vullis dadelik kry nie?
5. Wat het die misverstand tussen die vrou en die verslaggewer veroorsaak en wat het dit beëindig?

Antwoorde

1. Die koerant se verslaggewer en Leon, 'n fotograaf.
2. Die datum waarteen iets afgehandel moet wees (sperdatum).
3. Die jongste, mees onervare verslaggewer. Die woord kan ook beteken: die kleur groen; ekologies, of ekologies onbeskadig/goed/gesond/solied.
4. Die verslaggewer het die adres by die kantoor vergeet.
5. Die koerantmense het gedink sy roep hulle om hulle te sê van die vullis, en sy was kwaad dat hulle so lank geneem het om daar te kom. Sy het gedink hulle was mense van die elektronikawinkel wat op haar foonoproep gereageer het, en toe verskoning gemaak het omdat dit hulle so lank geneem het om daar te kom. Die feit dat sy "TV" op bladsy 39 genoem het, het die misverstand beëindig.

Aktiwiteit 2

[LU 1f, LU 1g, LU 1j tot LU 1n, LU 1r, LU 1u]
[LU 2m, LU 2n]

Hierdie is 'n eenvoudige verhaal wat sinvol aangewend kan word vir 'n bespreking van humor. Die leerders doen navorsing oor die vrae hieronder. Hulle bied hul bevindinge mondelings aan (individueel of in groepsverband). Hulle kan ook hul antwoorde individueel neerskryf:

1. Waarin lê die humor? Met ander woorde, wat is snaaks?
2. Lê die humor in die taal van die vrou en haar vriende; die werklike woorde; die vermenging van tale; die aksent?
3. Is dit regverdig of onregverdig om mense se taalgebruik snaaks te vind?
4. Is dit ooit in orde om vir iemand wat vir ons amusant is, te lag?
5. Is daar 'n verskil tussen **vir** iemand lag en **saam met** iemand lag?
6. Wanneer is lag 'n goeie ding, en wanneer is dit 'n slegte ding?

Antwoorde

Daar is geen regte antwoorde op hierdie vrae nie. Daar kan onwelwillende en onaanvaarbare gesindhede wees, maar dit is goed om leerders hierdie gesindhede eerder te laat uitspreek as om kwaad te word en hulle in die rede te val. Ander leerders sal in elk geval hierdie gesindhede kritiseer, en kritiek van klasmaats word eerder ter harte geneem as kritiek van onderwysers.

Aktiwiteit 3

[LU 2q, LU 2n]

Leerders dink na oor hierdie temas en boodskappe:

- Goeie en slegte laggery.
- Humor in alledaagse situasies.

''BABA MFUNDISI DIE PREDIKER'' – JOHNNY MASILELA

Aktiwiteit 1

[LU 2b, LU 2c; LU 1a]

Leerders werk individueel en beantwoord die volgende vrae:

1. Is die seun deel van Baba Mfundisi se gemeente? Hoe weet jy dit?
2. Wat is 'n "Mosambiekse vlugteling" (bladsy 41)?
3. Waarom hardloop die vlugteling in die krothuis in?
4. Waarom "mompel" die prediker oor die seuns se bewering dat hulle skoolwerk bespreek (bladsy 42)?
5. Waarom is die man en vrou verleë?
6. "Net soos hulle in die lowerryke voorstede van nabygeleë Pretoria" (bladsy 43). Wie is "hulle"? Wat is die gesindheid van hierdie kerkgangers teenoor hulle en teenoor die voorstede van Pretoria?
7. Waarom kan die priester nie aanhou praat nie?

Antwoorde

1. Waarskynlik nie. Vir die seun is Baba Mfundisi "die bebaarde man in sy ronde kerkkraag"; vir die prediker is die seun "die seun"; woorde soos "prediker", "gemeente", "gemeentelid" dui moontlik op 'n priester-gemeentelid-verhouding.
2. Iemand wat uit Mosambiek gevlug het om van die gevaar, doodslag, oorlog, vervolging weg te kom.
3. Hy wil nie hê die prediker moet sien hoe hy op 'n Sondag brandewyn drink en op die maat van die musiek dans nie.
4. Hy is nie tevrede met hulle antwoord nie; hy glo hulle nie.
5. Hulle voel hulle behoort nie op 'n Sondag aan hulle huis te werk nie.
6. Wit kerkgangers. Hulle voel miskien afguns of bewondering of wrewel. Die voorstede is groen en mooi, baie anders as hierdie gebied met sy sinkhuisies.
7. Hy is emosioneel te diep geroer.

Aktiwiteit 2

[LU 1a; LU 2a, LU 2f, LU 2j, LU 2m, LU 2n]

Die leerders doen navorsing oor die vrae hieronder. Hulle bied hul bevindinge mondelings aan (individueel of in groepsverband). Hulle kan ook hul antwoorde individueel neerskryf:

1. 'n AK-47 kom twee keer voor: op bladsye 41 en 43. Dink jy daar is 'n verband?
2. Hoe het jy gevoel toe die gewapende man sê hy wil "die sleutels vir die bakkie" hê? Verras? Teleurgesteld? Geamuseer? Geskok? Hartseer?
3. Watter soort keerpunt is daar in hierdie verhaal?

Antwoorde

1. In die eerste geval verwys dit na die seun se penis; in die tweede na 'n werklike vuurwapen. Die penis is 'n simbool van voortplanting en lewe, terwyl 'n vuurwapen die dood veroorsaak. Die seun hou sy penis op 'n spelerige manier vas, of sonder om te dink, terwyl die jong man sy AK-47 dreigend vashou, reg om te skiet en dood te maak. Dit sou ook kon beteken dat 'n tragiese verwar-

ring ontwikkel het: die penis bring lewe, maar ook ongewenste swangerskap en MIV/vigs, en het op so ’n wyse die vernietigende mag van ’n vuurwapen. Die AK-47 bring dood en besering, maar omdat dit so alledaags geword het, maak mense grappe daaroor en gebruik die woord op ’n speelse wyse.

2. Alles is moontlik. Verras, omdat die jong mans nie geld of iets groters wil hê nie. Teleurgesteld dat hulle nie vir iets dramatieser, wreder, gewelddadiger gevra het nie. Geamuseer, want dit lyk met die eerste oogopslag na ’n snaakse ding om voor te vra. Geskok dat hulle ’n priester se bakkie wil afvat. Hartseer dat ’n goeie man moet ly, ’n slagoffer moet word, terwyl hy in sy werk probeer om die slagoffers van ’n onregverdige samelewing te help. Dit is ironies dat die prediker sy lewe gee om mense te help, maar hulle wil selfs meer van hom neem – iets wat hom, in der waarheid, in sy werk help.
3. Daar is ’n keerpunt in die gesindheid jeens Baba Mfundisi: van respek wat deur ouer mense getoon word na die gebrek aan respek of selfs doodgewone menslike ordentlikheid by die jong man met die AK-47.

Aktiwiteit 3
[LU 2q, LU 2n]

Leerders dink na oor hierdie temas en boodskappe:

- Respek vir mense wat ouer as jyself is.
- Verandering van gesindhede.
- Maatskaplike en politieke oorsake van geweld.

Aktiwiteit 4
Debat: *[LU 1a en e]*
Skryftaak: *[LU 2a tot LU 2c, LU 2e tot LU 2n]*

Die leerders werk in groepe en voer ’n debat oor die volgende onderwerp, óf hulle werk op hul eie en skryf ’n kort opstel daaroor:

- Is godsdiens ’n positiewe mag in die gemeenskap waar die verhaal afspeel (of in enige ander gemeenskap)?

Enkele gedagtes om aan te dink tydens die beantwoording van hierdie vraag

- Godsdiens is 'n vertroosting vir baie, in die besonder die armes en lydendes; dit gee betekenis en rigting aan baie mense se lewens; dit moedig goeie, sorgsame, verantwoordelike gedrag in mense aan; dit is deel van spirituele ontwikkeling, wat 'n belangrike aspek van menslike lewe is.
- Daarteenoor belas dit mense met skuld, dikwels oor dinge waaroor hulle nie skuldig moet voel of nodig het om skuldig te voel nie; dit maak hulle oneerlik en agteraf oor geringe sondes soos drink en dans; dit laat mense goeie dade om die verkeerde rede doen – uit spirituele hoogmoed; dit kan mense aggressief maak in hulle pogings om ander oor te haal tot hulle godsdiens.

Assessering

Kyk na die aantekeninge oor debatte en skriftelike antwoorde by "Vlerke vir Bulbie" en gebruik dit ook hier.

"JOU STEM IS JOU STEM" – Dianne Case

Aktiwiteit 1

[LU 2b, LU 2c; LU 1a]

Leerders werk individueel en beantwoord die volgende vrae:

1. Waarom word daar altyd na Katy se werkgewer as "haar mevrou" verwys? Weet ons wat die werkgewer se naam is? Is dit belangrik?
2. Waarom wil Katy se mevrou kerse hê?
3. Waarom het Katy se ma jare tevore proviand onder die bed weggesteek?
4. Doen Katy dieselfde soort ding? Waarom of waarom nie?
5. Kyk na die kort paragraaf 11 op bladsy 47. Katy dink oor 'n lening en prop blikkies tuna in die koskas, alles in een sin. Waarom dink jy doen die skrywer dit?

Antwoorde

1. Die werkgewer hou daarvan om as "mevrou" aangespreek te word – miskien vereis sy dit. Vir Katy is sy nie 'n medemens nie, net 'n werkgewer, iemand wat 'n rol speel. Hierdie rolspel maak dit vir hulle makliker om saam te wees en saam te werk. Die mevrou se gevoelloosheid en politieke naïwiteit is baie vermoeiend.
2. Sy dink dat daar kragonderbrekings gaan wees tydens die chaos wat sy vermoed moontlik in die verkiesingstyd gaan voorkom.
3. Sy het gevrees dat die oorlog en die Russiese skepe wat om die kus was, kosvoorraad sou afsny.
4. Nee. Sy het nie die geld om ekstra kos te koop wat sy kan wegbêre nie. Sy is ook polities meer skerpsinnig as haar werkgewer en verwag waarskynlik nie die chaos wat haar mevrou verwag nie.
5. Dit beklemtoon die kontras tussen haarself, sonder geld, en haar mevrou, wat so baie kan koop dat dit skaars in die koskaste kan inpas.

Aktiwiteit 2

[LU 1j, LU 1r, LU 1u; LU 2g tot LU 2n, LU 2q, LU 2s, LU 2t]

Die leerders doen navorsing oor die vrae hieronder. Hulle bied hul bevindinge mondelings aan (individueel of in groepsverband). Hulle kan ook hul antwoorde individueel neerskryf:

1. Katy reageer nie en antwoord nie terug nie. Waarom nie?
2. Wat dink jy sou sy wóú sê? Of, wat kan jý, as die leser, sê?
3. Aan die einde van die verhaal is Katy gelukkig, haar mevrou is nie. Waarom?

Antwoorde

1. Sy is te beleef om te argumenteer of te verskil, of sien geen doel daarin nie, aangesien sy weet haar mevrou het vaste idees.
2. Hier is drie voorbeelde, almal op bladsy 48:
   (a) "Jy weet, Katy, … jy besef nie hoe ernstig sake is nie." 'n Antwoord: "Dink u ek besef dit nie? Wat weet ú? Het u gesien wat ek gesien het of was u al waar ek woon? U dink slegs iets is ernstig wanneer dit u

gerief kan aantas. Wat weet u van die ongerief en gevare van mý lewe?"

(b) "As ons kon, het ons die huis verkoop en teruggegaan Engeland toe." 'n Antwoord: "Nou waarom gaan u nie? U het ten minste 'n plek waarheen u kan ontsnap, waarheen u kan teruggaan; ons nie. Wat hou u nog hier? Al die geld en besittings wat u nie kan saamneem nie?"

(c) "Hulle sê daar gaan chaos wees." 'n Antwoord: "Wie sê? Ander mense wat dink soos u dink en nie weet wat werklik in hierdie land aan die gebeur is nie?"

3. Katy is gelukkig daaroor om te stem, omdat sy uiteindelik 'n volwaardige burger is en omdat sy haar vriende op die openbare vakansiedag gaan sien. Die mevrou is vol vrees oor die toekoms, ontsteld en kwaad omdat Katy nie haar geld wil aanvaar nie. Sy hoop om deur die geld wat sy gee, sorgsaamheid te vertoon, asook om die onderliggende skuldgevoel wat deur die bevoorregte rykes ervaar word, gedeeltelik te verminder. Dit sou ook die skielike aanbod van die gordyne op bladsy 49 verduidelik.

Aktiwiteit 3

[LU 2q, LU 2n]

Leerders dink na oor hierdie temas en boodskappe:

- Base/mevroue en huishulpe.
- Om uit voeling te wees met die werklikheid.
- Om uit voeling te wees met ander mense se ware gevoelens.
- Politieke bemagtiging.

Aktiwiteit 4

[LU 2i tot LU 2k, LU 2n, LU 2o, LU 2s]

Die leerders werk in groepe en voer 'n debat oor die volgende onderwerp, óf hulle werk op hul eie en skryf 'n kort opstel daaroor:

- Wat verklap die klein woordjies en sinsnedes in die mevrou se woorde omtrent haar gesindhede jeens Katy, jeens haarself, en jeens die verhouding

tussen hulle? Kyk in die besonder na “Jy moet …” (bladsy 45), “Jy weet …” (vier keer op bladsye 48 en 49) en “Ag, nou ja, …” (bladsy 48).

Antwoorde
“Jy moet …” weerspieël ’n onbetwiste aanname dat Katy die mevrou se idees gaan aanvaar, en haar voorstel gaan uitvoer. Dit is die woorde van iemand wat beter weet as ander. “Jy weet …” weerspieël die mevrou se oortuiging dat haar eie opvatting perfek is, en dat sy dit slegs as ’n vanselfsprekende waarheid moet uitwys wat die hoorder dan net kan aanvaar en beslis nie moet bevraagteken nie. “Ag, nou ja, …” dui ook aan dat die spreker haar eie opvatting as vanselfsprekend, absoluut logies aanbied, iets waarmee net ’n dwaas nie sal saamstem nie.

Aktiwiteit 5
[LU 3a tot LU 3c, LU 3f, LU 3k, LU 3m]

Leerders werk individueel en skryf ’n dialoog oor die volgende onderwerp:

- Skryf ’n dialoog tussen Katy en haar mevrou. Hulle gesels oor die politieke situasie en oor Katy self.

Assessering
Sê vir die leerders dat ’n suksesvolle dialoog natuurlik en vloeiend sal klink, met taalpatrone van spraak, nie van skryf nie. Dit sluit in: kort stellings en ’n redelik eenvoudige woordeskat. Wat Katie en haar mevrou sê, behoort ooreen te stem met wat ons van hulle weet, en ook die register moet ooreenstem.

Gee vir die leerders ’n taaklys met die bogenoemde kriteria voordat hulle die skryfwerk doen – sodat hulle weet waarop hulle moet fokus. Vra hulle om hulself of hul klasmaats te assesseer voordat jy die skryfwerk nagaan en assesseer.

''ST. CHRISTOPHER OP DIE PARADE'' – MARITA VAN DER VYVER

Aktiwiteit 1

[LU 2b, LU 2c; LU 1a; LU 2i tot LU 2k, LU 2n, LU 2s; LU 4i]

Leerders werk individueel en beantwoord die volgende vrae:

1. Hoe voel Kitta, die verteller, en hoekom? Onthou dat haar gevoelens deur die menigte bepaal word, deur Mandela se verskyning, deur die dogtertjie op haar skouers, en deur die herinneringe aan haar broer.
2. Op watter wyse stem die gevoelens van die Maleise vrou daarmee ooreen?
3. In die vyfde paragraaf op bladsy 51 noem Kitta mense se kleur en ras. Hoekom? Wat sê dit vir ons van haar?
4. In watter tyd is die verhaal geskryf? Wat is die doel van die gebruik van hierdie tyd?
5. Verduidelik die titel.

Antwoorde

1. Sy is senuagtig en opgewonde oor die gebeurtenis en ontroer daardeur, warm en ongemaklik en spyt oor die besluit om die dogtertjie te dra, maar dan aan die einde verstom. Sy is hartseer en nostalgies oor haar broer; sy mis hom, maar is bly om ter wille van hom daar te wees.
2. Die enigste aspek wat ooreenstem, is dat sy bly is om daar te wees ter wille van iemand anders: haar kleindogter.
3. Miskien wil sy wys watter aantrekkingskrag Mandela vir alle rasse het en hoe hy hulle verenig. Sy is bewus daarvan dat sy as 'n wit persoon in die minderheid is, en anders is. Miskien sê dit ook vir ons dat sy, soos baie Suid-Afrikaners, instinktief en vanselfsprekend van velkleur en ras bewus is. Dit ondanks die feit dat sy ontroer is deur al die rasse wat by hierdie geleentheid byeen is. Die verteller of skrywer wou egter dalk ook 'n prentjie skilder van die gelukkige, feestelike verskeidenheid kleur op die Parade daardie dag – nie slegs die swart man, bruin mans, wit meisies en blonde seun nie, maar ook die swart pak, die eienaardige uitrustings, die wit kopdoek, die pienk

partytjierok en die groot pienk strik. Sy is duidelik nie bewus van haar eie rassegesindhede nie, veral nie aan die begin van die verhaal nie.

4. Teenwoordige tyd. Dit gee 'n gevoel van onmiddellikheid: dit bring die gebeure nader aan die leser.
5. Sint Christopher het, volgens 'n legende, 'n klein kindjie oor 'n rivier gedra. Die kind, wat al swaarder en swaarder geword het soos hy geloop het, het homself daarna as Christus bekend gemaak. Kitta het die meisietjie, wat swaarder en swaarder geword het, gedra; aan die einde merk die verteller egter nie meer die gewig nie. Diegene met 'n kennis van die Bybel sal dalk die woorde van Christus in Matteus 11:30 onthou – "Want my juk is sag, en my las is lig". U kan verder op besonderhede van die parallel ingaan indien leerders belang stel.

Aktiwiteit 2
[LU 2q, LU 2n]

Leerders dink na oor hierdie temas en boodskappe:

- Politieke verandering.
- Vryheid en demokrasie.
- Hoe politieke veranderinge individuele mense se lewens verander.

Aktiwiteit 3
[LU 1f, LU 1j tot LU 1l; LU 2j, LU 2k, LU 2n, LU 2p, LU 2q]

Leerders werk individueel en skryf 'n kort karakterskets van Darius, die verteller se broer. Hulle moet 'n evaluering van sy politieke sienswyses en optrede hierby insluit.

Assessering
Die skets moet die bewys insluit van wat ons uit die verteller se woorde omtrent Darius uitvind. 'n "Assessering" van sienswyses en optrede sou 'n beskrywing van die bewys insluit en ook 'n beoordeling, 'n mening oor Darius se sienswyses en optrede. Sê aan die leerders dat u na hierdie aspekte soek, en dat dít die kriteria sal wees waarvolgens u hulle skryfwerk sal assesseer.

"'N NUWE BEGIN" – LESLEY BEAKE

Aktiwiteit 1
[LU 2b, LU 2c; LU 1a; LU 2s]

Leerders werk individueel en beantwoord die volgende vrae:
1. "Hendrik se pa is 'n pyn" (bladsy 55). Wat beteken dit?
2. Wat is die Black Sash en die DP?

Antwoorde
1. Hy is irriterend, hy is te streng, en konserwatief. Hy is ongelukkig oor die veranderinge in Suid-Afrika; hy hou nie daarvan dat Hendrik na partytjies toe gaan nie.
2. Die Black Sash-organisasie, hoofsaaklik onder aanvoering van wit middelklasvroue, het hulle tussen die jare 1950 en 1990 vir rassegelykheid in Suid-Afrika beywer. Die Demokratiese Party, 'n politieke party hoofsaaklik ondersteun deur wit liberale, het in 1989 uit die Progressiewe Party ontwikkel. Dit het in 1999 die amptelike opposisie vir die ANC geword en staan tans bekend as die Demokratiese Alliansie.

Aktiwiteit 2
[LU 1f, LU 1g, LU 1j tot LU 1n, LU 1u; LU 2m, LU 2n, LU 2p, LU 2r]

Sowel "'n Nuwe begin" as die vorige verhaal, "St. Christopher op die Parade", het een karakter in die agtergrond van die verhaal, maar alomteenwoordig in die gedagte van die verteller. Die leerders werk individueel en beantwoord die volgende vraag:
- Dink jy hierdie agtergrondkarakters maak die kortverhale interessanter?

Antwoord
In "St. Christopher" verskyn en herverskyn Darius van die begin af: Kitta se herinnering van hoe hy in die wilgerboom geklim het; hoe hy gestraf is omdat hy haar by die Nuweland-rugbyveld laat wegraak het; sy begeerte om te sien hoe

Mandela sy eerste toespraak op die Kaapstadse Parade lewer; sy vriendskap met hulle huishulp se seun Sipho; sy skielike politieke bewustheid; en uiteindelik hoor ons van sy dood in 'n motorongeluk 'n paar dae voor Mandela se eerste verskyning op die Parade. Ons weet meer van hom as wat ons van Kitta weet, en dit vorm 'n duidelike agtergrond tot die intense oomblik op die Parade. Sy sê vir ons dat sy gekom het, "ter wille van my broer". Die verhaal handel eerder oor Darius as oor Kitta of Mandela. Sonder hom sou die verhaal min gehad het om ons te interesseer.

In "'n Nuwe begin" word Hendrik aan die begin bekend gestel as die wit mens wie se witheid nie meer opgemerk word nie. Vroeër moes dit wel opmerklik gewees het, veral as gevolg van sy pa, wie se konserwatiewe rassisme 'n uitwerking op sy seun moes gehad het. Nou word hy hartlik deur die verteller se familie aanvaar. Ons weet dat sy pa 'n pretbederwer is, en dat sy ma hom – uit vrees vir geweld deur regsgesindes – nie na die Parade wil laat gaan nie. Auntie sê dit is jammer hy is nie daar nie. Aan die einde hoop die verteller hy kyk ten minste na die gebeure op televisie. Hendrik, in die agtergrond, is 'n uitbeelding van die wit seun wie se ouers hulle teen die politieke veranderinge in die land verset, en onwillig is om hulle seun deel daarvan te laat wees. Sy afwesigheid op die Parade is, op 'n ander manier, net so pynlik as dié van Darius. Soos Darius, gee hy interessantheid aan die verhaal.

Aktiwiteit 3
[LU 2q, LU 2n]

Leerders dink na oor hierdie temas en boodskappe:

- Politieke verandering.
- Vryheid en demokrasie.
- Hoe politieke veranderinge individuele mense se lewens raak.

‘’N REFLEKSIE VAN HOMSELF’’ – LAWRENCE BRANSBY

Aktiwiteit 1

[LU 2b, LU 2c; LU 1a]

Leerders werk individueel en beantwoord die volgende vrae:

1. Verduidelik die titel.
2. Watter soort keerpunt is daar in hierdie verhaal?

Antwoorde

1. Victor se pa, wat ’n “denkende mens” is, wil hê hy moet “’n refleksie [wees] van hoe sy pa homself ervaar het” (bladsy 61). Die titel kan ook verwys na die manier waarop Victor oor homself en sy selfsugtigheid dink wat verseker ná die einde van die verhaal gaan plaasvind.
2. Die land beleef ná die apartheidsjare ’n keerpunt: ’n nuwe Suid-Afrika. Victor beleef ’n keerpunt van ’n swak begrip van homself en van politieke veranderinge na een wat beter is.

Aktiwiteit 2

[LU 1f, LU 1g, LU 1j tot LU 1n, LU 1r, LU 1u; LU 2j, LU 2k, LU 2m, LU 2n, LU 2t]

Die leerders doen navorsing oor die vraag hieronder. Hulle bied hul bevindinge mondelings aan (individueel of in groepsverband). Hulle kan ook hul antwoorde individueel neerskryf:

1. Was jy verras deur die verhaal se einde, oor die manier waarop Victor in die kafee opgetree het?
2. Victor se pa wil hom vorm, hom lei om soos hyself te word. Dink jy ’n pa kan of behoort hierdie soort ding te doen?

Antwoorde

1. Die einde behoort nie ’n verrassing te wees nie. Regdeur die verhaal is daar leidrade oor Victor se gedagtes en gesindhede. Hy en sy pa gebruik albei

groot, intellektuele woorde om hulle gevoelens te beskryf: "onmiskenbare gevoel van welbehae", "euforie" (bladsy 60) vir Victor; "geestelike burgerskap verkry het" (bladsy 61) vir die pa. Dit klink indrukwekkend, maar dui nie noodwendig werklike gevoelens aan nie. Pa en vrou praat oor hulle "gebruiklike protes-aksies teen die Nat-regime" (bladsy 61), wat daarop dui dat hulle meganies optree, en die massa gevolg het, eerder as om te glo in dit wat hulle doen. Die pa is trots daarop dat hy 'n standpunt in die klaskamer inneem ten opsigte van politieke, rasse- of maatskaplike vraagstukke, maar "net so effe te progressief" dui op 'n gebrek aan opregtheid, of 'n poging om 'n baie veilige protes nogal gewaag en gevaarlik te laat lyk. Met Victor is dit selfs oppervlakkiger, meestal denkbeeldige heldhaftigheid: "homself oortuig … hy iets daaromtrent sou gedoen het" (bladsy 62); hy verbeel hom hy praat in die hof: "U Edele, apartheid is 'n gruwel …" – die uitdrukking klink onopreg, 'n cliché waarmee oor en oor in daardie jare vorendag gekom is. Hy is trots daarop dat hy nie die huishulp "die bediende" (bladsy 63) genoem het nie, wat bloot uiterlike vertoon is, en oppervlakkige verandering met geen ware verandering in die onderliggende gesindheid nie. Hy leer 'n paar Zuluwoorde in 'n simboliese poging om iets omtrent 'n ander kultuur te wete te kom: polities baie korrek en in die mode. In die kafee ontmasker sy instinktiewe reaksie die gesindheid wat hy altyd gehad het: sy gevoel van broederskap met swart mense is denkbeeldig, nie eg nie.

2. Geen verkeerde antwoorde nie. Die vraag handel oor of dit moontlik is vir 'n pa om dit te doen, en of dit moreel reg is vir hom om dit te doen.

Aktiwiteit 3

[LU 2q, LU 2n]

Leerders dink na oor hierdie temas en boodskappe:

- Politieke bewustheid.
- Selfbewussyn.
- Om meer omtrent 'n mens se ware aard, jou werklike oortuigings en menings te wete te kom.

Aktiwiteit 4
Debat: *[LU 1a, LU1 e]*
Skryftaak: *[LU 3a, LU 3d tot LU 3h, LU 3j tot LU 3n]*

Die leerders werk in groepe en voer 'n debat oor die onderwerp in Aktiwiteit 2, Vraag 2 hierbo, óf hulle werk op hul eie en skryf 'n kort opstel daaroor.

Assessering
Kyk na die aantekeninge oor debatte en skriftelike antwoorde by "Vlerke vir Bulbie" en gebruik dit ook hier.

"DIE REIS" – BARRIE HOUGH

Aktiwiteit 1
[LU 2b, LU 2c, LU 2k, LU 2n, LU 2s LU 2t; LU 1a]

Leerders werk individueel en beantwoord die volgende vrae:

1. Waarom lag Johan wanneer hy sê: "Maar dis diskriminasie" (bladsy 66)?
2. Wat is "*sweet nothings*"?
3. "… haar wreedheid krap aan hom". Dink hy aan die einde van die verhaal steeds dat hierdie optrede wreed is? Gee 'n rede vir jou antwoord.
4. Wat het Johan en Thembi gemeen?
5. Waarom voel Johan hy het "haar betrap" (bladsy 67) op die dag van Mandela se inhuldiging?
6. Hoe het Thembi se pogings om Johan se spraakgebrek te oorkom, van dié van terapeute en sy familie verskil?
7. Daar is nie letterlik 'n reis in die verhaal nie, maar Johan en Thembi onderneem in meer as een opsig 'n figuurlike reis. Verduidelik.

Antwoorde

1. Mense sê dit dikwels, baie ernstig, maar hy bedoel dit nie. Hy gee voor hy is te na gekom.
2. Onbelangrike liefdeswoordjies wat tussen twee geliefdes gesê word.
3. Moontlik, maar hy verstaan nou waarom sy wreed was: om vir hom 'n uitdaging te stel.
4. Eensaamheid. Albei het die "stil" taal (bladsy 66) van ander mense wat hulle as anders as die sogenaamde normale bestempel het, ervaar: hy in spraak, sy in ras.
5. Sy het geen simpatie vir politici nie – hulle bedrieg met hulle woorde – maar hier wys sy groot simpatie vir en geloof in Mandela.
6. Sy het dit uit liefde gedoen, maar sy begryp hom ook beter as gevolg van dit wat hulle gemeen het.
7. Hulle beweeg fisiek na mekaar toe op die rugbyveld; hulle beweeg nader na mekaar toe in hulle gevoelens, liefde en begrip; hulle maak vordering met betrekking tot die genesing van die spraakgebrek. Die reis is 'n soort keerpunt.

Aktiwiteit 2

[LU 2q, LU 2n]

Leerders dink na oor hierdie temas en boodskappe:

- Liefde.
- Oorwinning oor persoonlike beperkings.
- Mense kan bymekaargebring word deur verskillende maar soortgelyke ervarings. Mense presteer wanneer hulle begryp word.

Hierdie is 'n eenvoudige, warm verhaal. Dit moenie deur te veel bespreking of skryfwerk bederf word nie.

"DIE TOWERMAN" – DIANNE HOFMEYR

Aktiwiteit 1
[LU 2b, LU 2c, LU 2i, LU 2q LU 2t; LU 1a]

Leerders werk individueel en beantwoord die volgende vrae:

1. Die verteller sien die duif as 'n teken. Waarvan?
2. Die man besit in twee opsigte toorkrag. Verduidelik.
3. Soek vier verwysings na die meisie se baba op bladsy 71. Verduidelik die verwysings.
4. Vir sowel die towerman as die meisie, is voorwerpe en foto's 'n manier om iets te sê van die verlede of om toegang daartoe te kry. Waarom?
5. Wie is die baba se pa? Wat het gebeur met die baba?
6. Waarom gooi die meisie die kombers en klere by die venster uit?

Antwoorde

1. Sy weet nie, maar miskien wou die towerman hê sy moet hom dophou, miskien het hy haar ongelukkigheid aangevoel en wou haar aandag trek, of, aangesien die duif die simbool van vrede is, was dit 'n teken dat daar vrede in haar lewe sou kom.
2. Hy doen towertoertjies, maar hy besef ook dat die meisie 'n droewige geheim het, en hy slaag daarin om dit uit haar te kry.
3. "Die baba het begin huil"; "sy het die baba gesus"; "hy het by hulle kom staan en die baba se wang gekielie"; sy het die baba vir hom gegee en "maak seker dat hy hom mooi vashou". Die eerste twee wys die meisie se fantasie, hoe sy haar kan verbeel die baba huil wanneer daar slegs 'n kombersie is. Die tweede twee wys hoe die man met haar fantasie saamspeel, miskien sonder dat hy dit begryp, maar miskien verstaan hy alreeds die meisie se probleem en behoeftes.
4. Hy is stom, fisiek nie daartoe in staat om oor die verlede te praat nie; sy is emosioneel nie daartoe in staat of gereed om oor die aaklige gebeurtenis te praat nie. Die voorwerpe en die foto's help om daardie verlede te ontsluit.
5. Die boer se seun. Waarskynlik 'n geheime, onwettige aborsie.

6. Die man het haar hartseer verstaan, en sy het nie meer die fantasie dat haar kind nog lewe nodig nie. Daar is steeds ’n tragiese herinnering, maar sy is nou daartoe in staat om met die waarheid saam te leef en aan te gaan met haar lewe.

Aktiwiteit 2
[LU 2q, LU 2n]

Leerders dink na oor hierdie temas en boodskappe:
- Die afsluiting van mens se verlede.
- Hantering van jou emosies.
- Neem beheer oor jou lewe.
- ’n Simpatieke oor kan mense help om hulle probleme te bowe te kom.

Aktiwiteit 3
[LU 1d, LU 1e, LU 1g, LU 1h; LU 2j, LU 2m]

Die klas voer ’n debat oor die volgende onderwerp, óf die leerders werk op hul eie en skryf die antwoorde neer:
1. Het jy meegevoel met die meisie? Dink jy dat haar besluit oor haar baba reg was? (Debat: Was die meisie reg in haar besluit?)
2. Handel hierdie verhaal oor ’n aborsie of eerder oor maniere om ’n mens se gevoelens oor die verlede die hoof te bied?

Assessering
Kyk na die aantekeninge oor debatte en skriftelike antwoorde by “Vlerke vir Bulbie” en gebruik dit ook hier.

''AAN DIE PUNT VAN JOU ARM'' –
ENGELA VAN ROOYEN

Aktiwiteit 1

[LU 2b, LU 2c, LU 2r, LU 2s LU 2t; LU 1a]

Die leerders werk in groepe en voer 'n debat oor die volgende vrae, óf hulle werk op hul eie en skryf die antwoorde neer:

1. Waarom woon David en Zandi by hulle grootouers?
2. Oor watter twee dinge is Zandi bekommerd?
3. Waarom het Eliyasi, David se oupagrootjie, die hofsaak verloor? Waarom het hy uit die land gevlug?
4. Waarom lag David se oupa wanneer David hom vertel waar Koko Sedube-dube se kleinseun is?
5. Aan die einde van die verhaal kom Zandi nader. Waarop dui die manier waarop sy hardloop? Wat dink jy is haar nuus?
6. Verduidelik die betekenis van die spreekwoord: "al die hulp wat 'n mens nodig het, kan aan die punt van jou arm gekry word". Dui ook aan hoe dit by die verhaal aansluit.

Antwoorde

1. Hulle ma, Peace, het haar kinders en ouers uit haar huis weggejaag, en sy woon nou saam met 'n vreemde man.
2. Die onderhoud vir 'n nuwe, beter werk; iemand moes Oupa van Koko se kleinseun vertel, en Oupa sou moontlik wou hê hy moet wraak neem.
3. Koko se prokureur het die regter oortuig dat Eliyasi 'n leuenaar was toe hy "Ewe" gesê het vir 'n verhaal wat sy eie weerspreek het. Eliyasi weet Koko sou hom weer hof toe neem omdat hy hom in die gesig geslaan het.
4. Hy is geamuseer oor die manier waarop hy wraak kon neem: Koko se kleinseun woon nou saam met sy aggressiewe dogter.
5. Vreugde. Sy het die werk gekry.
6. 'n Mens is jou eie beste helper. Zandi kom self die mas op deur vir die werk-onderhoud te gaan.

Aktiwiteit 2

[LU 1f, LU 1g, LU 1j tot LU 1n, LU 1r, LU 1u; *LU 2j, LU 2k, LU 2m, LU 2n]*

Die leerders kan hierdie aktiwiteit as ’n klasgroep of in pare bespreek, óf hulle werk op hul eie en skryf die antwoorde neer:

1. Om wraak te wil neem vir foute in die verlede en deur “Ewe” te sê om vir die spreker te wys jy luister, is albei kultuurgebruike. Dit word nie gunstig in die verhaal aangebied nie. Beteken dit dat die skrywer dink kultuur is ’n slegte ding?
2. Aan die einde van die verhaal voel die oupa hy het wraak geneem. Stem jy met hom saam, of dink jy dat die bestiering of die noodlot die Sedubedube-familie straf? Of dink jy dit was alles blote toeval, geluk?

Idees om by die bespreking te voeg

1. Die debakel met die hofsaak vind plaas as gevolg van kulturele misverstand. Wie se fout is dit? Wat is die teenoorgestelde van wraak neem? Is dit maklik om te vergewe? Kan ons dié wat wil wraak neem, vergewe?
2. Romeine 12:19 – “Moenie self wraak neem nie, maar laat dit oor aan die toorn van God. Daar staan immers geskrywe: ‘Dit is mý reg om te straf; Ék sal vergeld, sê die Here.’” Karma: in Hindoeïsme en Boeddhisme, die gevolge van ’n mens se optrede wat sy/haar lotsbestemming in sy/haar volgende lewe of inkarnasie bepaal.

Aktiwiteit 3

[LU 2q, LU 2n]

Leerders dink na oor hierdie temas en boodskappe:

- Wraak.
- Wag op godgewilde regverdigheid.
- Aanvaar die onvermydelike.
- Help jouself.

‘’N BETER LEWE VIR MAMS’’ – ZULFAH OTTO-SALLIES

Dit is maklik om hierdie verhaal te verstaan en begripsvrae word dus nie ingesluit nie. Hierdie verhaal kan sinvol aangewend word vir bespreking en taalwerk.

Aktiwiteit 1

[LU 1a, LU 1b, LU 1d, LU 1j, LU 1t; LU 2j, LU 2m, LU 2n, LU 2s LU 2t]

Die leerders kan hierdie aktiwiteit as ’n klasgroep bespreek of in groepe/pare werk. Alternatiewelik kan hulle op hul eie werk en die antwoorde neerskryf:

1. Het jy aan die begin meegevoel met Solly? Waarom of waarom nie?
2. Stem jy saam met Solly se redes vir waarom hy begin mandrax verkoop?
3. Dink jy dat Solly reg was om die geld so te bestee? Gee redes vir jou antwoord.
4. Het jy aan die einde van die verhaal meegevoel met Solly? Waarom of waarom nie?
5. Hoe voel jy jeens Solly se ma? Was sy reg om hom te vergewe? Het sy ooit ’n fout gemaak of dom opgetree?

Antwoorde

Maak – tydens die bespreking, of voor die leerders met hul skriftelike werk begin – die volgende voorstelle. Onthou om die leerders daarop te wys dat hulle by al die vrae na Solly se brief uit die tronk moet verwys.

1. Dink aan Solly se gemoedstoestand; sy bekommernis; die treine; Matriek en geen werk nie; toemaak met ’n kombers; swaar hart; stryd om te oorleef; staking en dreigende geweld; politieke optrede; die gedrag van die voorman by die werksplek.
2. Dink aan sy motiewe (waarom hy gedoen het wat hy gedoen het), ook die gevolge van dwelms op die gebruikers.
3. Dink aan sy motiewe.
4. Dink aan die brief: sy behoefte om verstaan te word, vergewe te word, om ander te waarsku, sy hoop, sy mislukkings.
5. Bespreek wanneer dit reg is om te vergewe, en wanneer om nie te vergewe

nie. Moontlike foute: sy het hom nie gekeer om voedsel en klere vir die gesin te koop nie; sy "bly … doodstil" oor die leuen oor die beursie; sy sê: "hou op met die dinge of djy is uit my hys", maar sy neem hom terug.

Aktiwiteit 2
[LU 2q, LU 2n]

Leerders dink na oor hierdie temas en boodskappe:
- Goeie geld en slegte geld.
- Leer omtrent geld.
- Misdaad.
- Misdaad is nie lonend nie.
- Hoe maatskaplike toestande mense se lewens raak.

Aktiwiteit 3
[LU 4a, LU 4q]

Leerders kan hierdie aktiwiteit in pare of groepe voltooi. Hulle beantwoord die volgende vraag:
- Hierdie verhaal is ook in Engels vertaal. Indien jy die vertaler was, sou jy sekere Afrikaanse dele van die verhaal laat behoue bly het?

Antwoord
Die leerders bespreek hierdie vraag. Vra hulle watter Afrikaanse dele hulle sou laat behoue bly in 'n Engelse vertaling. Vra hulle om sekere dele van die verhaal na Engels te vertaal, en dan te sê wat hulle verkies – vir hulleself en vir 'n boek bedoel vir 'n meertalige, multikulturele gehoor.

Aktiwiteit 4
[LU 1a, LU 1d, LU 1j, LU 1k]
[LU 3a, LU 3b, LU 3c, LU 3d, LU 3i tot LU 3n]

Die leerders kan hierdie aktiwiteit in groepe of pare bespreek. Alternatiewelik

kan hulle op hul eie werk en die antwoorde neerskryf. Hulle oorweeg die volgende vraag:

- Wat sou jy gedoen het indien jy die verantwoordelikheid gehad het om die dwelmprobleem in Suid-Afrika te hanteer? Bespreek in groepe, en probeer om 'n tienpuntplan te formuleer wat die probleem die hoof sal bied en die minste pyn moontlik vir diegene betrokke by dwelms, hetsy as gebruikers of as smouse, sal veroorsaak.

Assessering

Die tienpuntplan behoort duidelik, logies georden en redelik te wees. Elke punt behoort die minimum pyn vir gebruikers en smouse in te hou. Gee hierdie kriteria vir die leerders in die vorm van 'n kontrolelys. Dit sal hulle met hul beplanning help en hulle kan dit ook vir selfassessering en portuurassessering gebruik.

"MOORD OP VRYDAG" – JIMMY MATYU

Aktiwiteit 1

[LU 2b, LU 2c, LU 2i; LU 1a]

Leerders werk individueel en beantwoord die volgende vrae:

1. Watter aanduidings is daar vroeg in die verhaal dat iets slegs gaan gebeur? Is daar later in die verhaal 'n verwysing na 'n voorteken?
2. In watter luim is Felemntwini wanneer hy van die huis af reis en by die busterminus en outoteller staan?
3. Vyf kategorieë mense wag buite die fabriek op die manne met hulle weeklikse loon. Wie is hulle?
4. Watter twee gebeure in die verhaal vind vinnig en stilweg plaas, sonder dat die leser daarvan weet en waarvan die leser eers later te wete kom?

Antwoorde

1. "onheilspellend"; "bonatuurlik skoon"; "eienaardige verskynsel"; "sagte reën-

tjie … 'n slegte voorteken"; die maan en die rooi kolletjie. Naby die einde: die maan was daar, maar "die rooi kolletjie het verdwyn".

2. Hy is tevrede en geniet die daggazol. Hy is gelukkig tussen die gelukkige skare mense en onverskillig oor "met ander te deel". Tog sien hy met erns daarna uit.
3. Sjebien-queens met notaboekies, voedselverkopers wat voedsel op rekening verkoop, skoppers en hulle lyfwagte, vroue van tuislande wat op hulle mans wag, jong meisies wat op hulle babas se pa's wag.
4. Felemntwini se roof by die outoteller en later sy moord.

Aktiwiteit 2

[LU 2q, LU 2n]

Leerders dink na oor hierdie temas en boodskappe:

- Misdaad en die gevolge daarvan.
- Misdaad en die oorsake daarvan.
- Misdaad en die oplossings daarvoor.

Aktiwiteit 3

[LU 1e, LU 1f, LU 1g, LU 1j tot LU 1n, LU 1r, LU 1u; *LU 2m, LU 2n]*

Die leerders werk as 'n klasgroep, in kleiner groepe of in pare en debatteer die volgende vrae:

1. Op bladsy 93 lees ons die menings van verskillende mense oor die onderliggende oorsake van misdaad: kinders van vandag is so; apartheid en die gepaardgaande geweld is die oorsaak; die wêreld vrees God nie. Wie dink jy was reg? Of dink jy daar is ander belangrike oorsake?
2. 'n Stelling om oor te debatteer: Mense soos Felemntwini word deur die samelewing waarin hulle woon, geskep.

Assessering

Kyk na die aantekeninge oor debatte en skriftelike antwoorde by "Vlerke vir Bulbie" en gebruik dit ook hier.

Idees vir die bespreking of debat:
Dink oor wat gedrag bepaal: genetika/wat 'n mens erf of mee gebore word; invloed van ouers, familie, vriende, onderwysers, radio en televisie, die Internet, koerante, onderwys; die vorm en rol van die samelewing (kapitalisties, sosialisties, apartheid, wette, en so meer. Dink ook aan 'n mens se vermoë om al hierdie dinge te bowe te kom/nie daardeur beïnvloed te word nie.

"DIE MAN LANGSAAN" – B.M.C. KAYIRA

Aktiwiteit 1
[LU 2b, LU 2c; LU 1a]

Leerders werk individueel en beantwoord die volgende vrae:
1. Hoeveel keer ontvang Rey besoekers, en wie is hulle?
2. Waar soek die besoekers tydens die eerste drie besoeke na die vrou?
3. Waarom word die polisie kwaad vir Rey?
4. Om watter rede het die verteller en sy bure hulleself in skofte ingedeel?

Antwoorde
1. Vier keer: eers die verteller en sommige bure, toe ander bure, daarna twee besoeke van die polisie.
2. Eerste besoek: die badkamer; tweede besoek: die klerekas; derde besoek: klerekas en badkamer.
3. Hulle kan nie begryp wat aan die gang is nie; Rey vra of hulle 'n grap maak; hulle voel dus hy neem hulle nie ernstig op nie; hy lag.
4. Om elke oomblik van sy lewe te ondersoek, om die raaisel van die huilende vrou te probeer oplos.

Aktiwiteit 2

[LU 1f, LU 1g, LU 1j tot LU 1n, LU 1r, LU 1u; LU 2i, LU 2j, LU 2m tot LU 2p, LU 2t]

Die leerders doen navorsing oor die vrae hieronder. Hulle bied hul bevindinge mondelings aan (individueel of in groepsverband). Hulle kan ook hul antwoorde individueel neerskryf:

1. Weet ons aan die einde van die verhaal wat die antwoord op die raaisel is? Kan jý verduidelik?
2. Is die manier waarop die verteller, bure en vriende Rey besoek, hom ondersoek en op hom spioeneer vir jou aanvaarbaar?

Antwoorde

1. Miskien is daar nie veronderstel om ’n eenvoudige, redelike oplossing te wees nie. ’n Verduideliking soos “Rey het die huilgeluide gemaak” sou die verhaal afwater, deel van die vermaaklike misterie en betowering wegneem.
2. Daar word reeds eeue lank oor vryheidskwessies gedebatteer, en daar word vandag steeds daaroor gedebatteer. Dit is waarskynlik die belangrikste kwessie in hierdie verhaal. Aan die een kant besef die verteller en sy vriende dat Rey geen reg het om sy geheim op hulle af te dwing nie – dit is hulle reg om te ondersoek, om self die spanning te verlig wat deur hulle onvermoë om te begryp wat aan die gang is, veroorsaak word. Miskien sou ons dit die reg om op te tree kon noem, die vryheid om ’n mag wat ons onderdruk, te bevraagteken of te verwerp. Aan die ander kant is daar Rey se vryheid. Deur hom herhaaldelik te besoek, deur op hom te spioeneer, dring die verteller, vriende en polisie sy private ruimte binne, maak hulle inbreuk op sy vryheid om te leef en op te tree soos hy wil. Daar sou nogtans geredeneer kon word dat, indien Rey vry was om in sy woonstel te doen wat hy wil, dan behoort die verteller en bure, soos die president van Mantaland, die vryheid te hê om Rey daarvan te weerhou om sy vryheid uit te oefen.

   Die belangrikste vraag is miskien: Beteken vryheid die vryheid om ander se vryheid te verhinder, of om inbreuk te maak op ander se regte, in hierdie geval, die reg op privaatheid? Kan ’n mens werklik vry wees indien

ander vry is om jou vryheid aan bande te lê? Is dit vir ons nodig om ander mense se vryheid te respekteer ten einde vryheid te laat slaag?

Verder is daar die kwessie van individualiteit en verskil: Rey is 'n raaisel; hy is anders, en ons hou dikwels nie daarvan nie of aanvaar dit nie. Ons wil almal verstaan, ons wil hê hulle moet by ons idee van die wêreld inpas; dit is vir ons moeilik om iemand wat van wat ons verskil as die norm te beskou en te aanvaar. Uiteindelik word Rey in hegtenis geneem vir "suspisieuse gedrag", omdat hy anders is, omdat hy 'n raaisel is, omdat hy so individualisties is dat niemand hom kan verstaan nie.

Aktiwiteit 3

[LU 2q, LU 2n]

Leerders dink na oor hierdie temas en boodskappe:

- Andersheid.
- Aanvaarding van mense wat anders is.
- Privaatheid.
- Vryheid.
- Aanvaarding daarvan dat daar raaisels is wat nie opgelos kan word nie.

Aktiwiteit 4

[LU 2g, LU 2i, LU 2j, LU 2n, LU 2q, LU 2s; LU 4a, LU 4s, LU 4t]

Leerders kan hierdie aktiwiteit individueel, in pare of in groepe voltooi. Elke keer wanneer mense Rey se kamer besoek, is daar 'n herhalende patroon van woorde en gebeure.

1. Wys minstens vier van hierdie herhalings aan.
2. Wat is die doel daarmee?

Antwoorde

1. Rey: "Ek hoop nie julle gee om dat my plek so kaal is nie … julle het ook niks teen op die vloer sit nie?"

   Rey: "'n Vrou … in Rey se kamer! Wat . . . wat moet van die wêreld

word!" Tydens die eerste besoek het hulle in die badkamer gekyk, toe die klerekas; tydens die tweede besoek, in die klerekas, toe die badkamer; die polisie het eerste in die klerekas gekyk, toe in die badkamer, daarna na die plafon.

Elke keer het hulle gewonder of dit "so ernstig [was] dat hulle so ver kon gaan".

2. Die herhaling raak iets wat verwag word en amusant, soos die verwagte herhalings in kinderstories. Kinders (en die meeste lesers) hou daarvan om 'n patroon te herken, en van die afwagting van 'n herhaling. Afgesien van die genot wat dit bring, sê hierdie herhaling egter vir ons dat die verhaal nie as realisties gesien moet word nie, dat dit nie die gewone reëls van logika en redelikheid volg nie. Dit maak dus nie saak as ons nie die geluid van 'n vrou wat huil, kan verduidelik nie. Miskien is ons nie veronderstel om dit te kan doen nie. Dit is 'n onderhoudende verhaal, selfs amusant, maar wat belangrik is, is nie die storie nie, maar die idees – idees oor vryheid en individualiteit.

Aktiwiteit 5

[LU 3a, LU 3d, LU I tot LU 3n]

Die leerders kan hierdie aktiwiteit as 'n klasgroep bespreek of in groepe/pare werk. Alternatiewelik kan hulle op hul eie werk en die antwoorde neerskryf:

- Hulle skryf "Tien reëls vir die lewe" wat sal verseker dat almal soveel vryheid moontlik het – die reëls moet betrekking hê op die huislike lewe of die klaskamer.

Assessering

Die reëls kan ernstig wees, of tong-in-die-kies. Die leerders moet hulle werk duidelik en logies orden (byvoorbeeld van belangrik na minder belangrik) of onderverdeel (byvoorbeeld reëls vir volwassenes, reëls vir kinders, reëls vir albei).

''ATELJEE'' – ELSA JOUBERT

Aktiwiteit 1
[LU 2b, LU 2c, LU 2j, LU 2n, LU 2s; LU 1a]

Leerders werk individueel en beantwoord die volgende vrae:
1. Waarom hou die verteller nie van Sluytenbach en sy vrou nie?
2. Waarom begin sy vrou ou foto's aan die verteller wys?
3. "'Jy speel …' begin ek praat, toe besef ek wat ek sê" (bladsy 103). Wat besef sy?
4. "Dis dan dieselfde foto's." Dieselfde as wat?

Antwoorde
1. Hy druk haar teen die muur vas; sy vermoed iets slegs: die deur was "miskien, wie weet, selfs van binne op knip"; hy't meisies afgeneem. Sy vrou is fisiek onaantreklik (plomp, kort beentjies), hare sleg gekleur, verrimpeld; onvanpaste kleredrag; óf ongeskik óf oorbeleef.
2. Om te verduidelik en te demonstreer watter soort fotograaf haar man was.
3. Sy was taktloos, het haar mond verbygepraat: sy het geïmpliseer dat die vrou nie so mooi kon gewees het toe sy jonk was nie.
4. Dieselfde as die foto's van Sluytenbach se vrou op die strand.

Aktiwiteit 2
[LU 1f, LU 1j tot LU 1n, LU 1r, LU 1u; *LU 2j, LU 2l, LU 2m, LU 2p, LU 2r]*

Die leerders doen navorsing oor die vrae hieronder. Hulle bied hul bevindinge mondelings aan (individueel of in groepsverband). Hulle kan ook hul antwoorde individueel neerskryf.

Probeer jou indink hoe die verteller aan die einde van die verhaal gevoel het en probeer dan om dié gevoelens te verduidelik. Doen dit aan die hand van die onderstaande uittreksels uit die teks:
1. "'n Spookwêreld."
2. "'n Wêreld waar jeug onafwendbaar wegkwyn."

3. “Vrees kom in my.”
4. “Haar gesig is weerloos.”
5. “Haar rondinge by die water pleit: bly vloei oor my.”
6. “Ek hoor hoe dit pleit in my: bly vloei oor my.”

Antwoorde

1. Fotografiese afbeeldinge is nie werklike mense nie: die mense bestaan nie meer in daardie vorm nie, lyk nie meer so nie; hulle is, in werklikheid, dood; daarom sien ons spoke.
2. Sy besef dat selfs hierdie pragtige, jong meisies oud sal word, soos Sluytenbach se vrou.
3. Vrees dat dieselfde met haar sal gebeur.
4. Sy het nie die mag om die veranderinge van Tyd te weerstaan nie.
5. Die foto’s is ontwikkel en gefikseer, en is nou in die spoelwater. Soos haar oë gewoond raak aan die halfdonker, sien sy die figure duideliker. In daardie opsig word die beelde voor haar oë ontwikkel, jonk en pragtig en nuut. Die water is dus lewegewend, dit skep iets wat nuut en jonk is.
6. Die verteller wens dieselfde: om jonk en mooi te kan bly.

Aktiwiteit 3

[LU 2q, LU 2n]

Leerders dink na oor hierdie temas en boodskappe:

- Vind die waarheid omtrent mense uit.
- Voorkoms en werklikheid.
- Die jeug vergaan.
- Om oud te word.
- Soeke na ewige jeug.

Aktiwiteit 4

[LU 3a tot LU 3c, LU 3f, LU 3k, LU 3m]

Leerders werk individueel en voltooi hierdie aktiwiteit skriftelik:

- Skryf ’n onderhoud tussen ’n koerantverslaggewer en Sluytenbach waarin hulle praat oor ’n uitstalling van sy foto’s. Dink aan party van die moeilike vrae wat verslaggewers graag vra.

Assessering

Dialoog behoort natuurlik te klink, met taalpatrone van spraak, nie van skryf nie: kort stellings, ’n redelik eenvoudige woordeskat. Die onderhoudvoerder stel vrae – goeie oefening in die formulering van vrae – en Sluytenbach antwoord, of vermy dit om direkte antwoorde te gee. Die onderhoudvoerder stel dan opvolgvrae.

U kan ’n taaklys met hierdie kriteria aan die leerders gee:

- Korrekte vraagvorm?
- Natuurlike antwoorde?
- Goeie opvolgvrae?
- Natuurlike spraak?
- Korrekte grammatika?

Gee dit vir die leerders voordat hulle die skryfwerk doen sodat hulle weet waarop om te fokus. Hulle kan dit vir selfassessering of portuurassessering gebruik, waarna u hul skryfwerk kan nagaan en assesseer.

‘‘DIE AAND TOE DIE AARDE ANDERSOM BEGIN DRAAI HET’’ – FRANÇOIS BLOEMHOF

Aktiwiteit 1

[LU 2b, LU 2c, LU 2f, LU 2j, LU 2n, LU 2p, LU 2s LU 2t; L U 1a]

Leerders werk individueel en beantwoord die volgende vrae:

1. Watter besonderhede aan die begin van die verhaal help ons om ’n beeld van Emma te vorm?

2. Wat is die besonderhede waaruit Dries se finale prentjie van haar bestaan?
3. Wat loop in die verhouding tussen Dries en Lucille skeef, en hoekom?

Antwoorde

1. Bladsy 107: Sy is die "lelikste meisie in matriek"; sy trek swak aan: "Julle moet sien wat het sy aan"; sy is 'n voorwerp van bespotting, iemand oor wie grappe gemaak word; haar rok is "uniek … sy moet dit iewers op 'n solder opgediep het"; 'n "groot silwerige borsspeld pryk voor haar bors" – die borsspeld is absurd, daar vasgesteek soos 'n medalje op 'n geslaglose, onsexy bors; so lelik in die babawaentjie dat haar ma verkies het om nie na haar te kyk nie. Bladsy 108: 'n swak danser, trap op Dries se tone; is nie sosiaal verfynd nie, en is taktloos in haar verwysing na tuiswerk.
2. Bladsy 108: mooi tande. Bladsy 108: aangename stem, 'n sanger, sensitief, maar dan ook haar finale kyk: wil hom hê, seergemaak deur die kortaf manier waarop hy vertrek.
3. Bladsye 105-106: Hy is besitlik en jaloers: "Hoekom vra jy?" Sy manier van spog teenoor Louw: "Alles is orraait tussen ons, jy kan maar kyk" dui sy gebrek aan vertroue aan; hy probeer homself gerusstel. Hy konfronteer, eis, ondervra: "Wil jy nog met my uitgaan?", "… nou elke naweek dat jy na jou ouma toe gaan?" Bladsy 107: "Wat is jou case met Kruger." Dis duidelik dat Lucille hierdie eienskappe van Dries afkeur (sy "sê 'n woord wat nie in elke woordeboek staan nie"), en sy verlaat hom.

Aktiwiteit 2

[LU 1j, LU 1n, LU 1r, LU 1u; LU 2j, LU 2k, LU 2n, LU 2o, LU 2s]

Die leerders doen navorsing oor die vraag hieronder. Hulle bied hul bevindinge mondelings aan (individueel of in groepsverband). Hulle kan ook hul antwoorde individueel neerskryf:

1. Waarom verloop dinge vlot tussen Dries en Emma? Gaan hulle op goeie voet uiteen?
2. Wat beteken die titel van die verhaal?

Antwoorde

1. Onmiddellik nadat Dries deur Lucille afgesê is, het hulle letterlik teen mekaar vasgeloop. Niks is geforseer nie, en Dries probeer nie iets bewys of bereik nie. In daardie toestand kan hy nou haar positiewer eienskappe opmerk, nader aan haar voel wanneer sy praat oor dinge wat vir haar saak maak. Dis jammer dat hy, aan die einde – miskien as gevolg van selfbewustheid omdat hy saam met Emma gesien is – skynbaar onthou wat die algemene mening oor Emma is. Hy verlaat haar vinnig. "… daardie trek wat hy gesien het" (bladsy 109) dui aan dat sy seergekry het en hartseer is.
2. Vir Dries verander die wêreld. Vroeër het hy geprobeer om dinge te laat gebeur, nou laat hy dinge met hom gebeur; vroeër het hy uitgegaan om romanse te soek, nou het hy 'n passiewer rol; vroeër het 'n vriendskap met 'n meisie vir hom gegaan oor hoe mooi sy is, en oor uiterlike voorkoms, nou kyk hy dieper as die oppervlak; nou kom hy die minder ooglopende eienskappe in mense agter: die skoonheid in 'n meisie se karakter, die vreugde daarvan om oor ernstige dinge te praat.

Aktiwiteit 3

[LU 2q, LU 2n]

Leerders dink na oor hierdie temas en boodskappe:

- Leer meer oor die liefde.
- Leer oor verhoudings.
- Die liefde kan nie beheer word nie.
- Kyk dieper as die oppervlak.
- Oppervlakkige voorkoms en innerlike werklikheid.

Aktiwiteit 4

[LU 3a tot LU 3c, LU 3f, LU 3k, LU 3m]

1. Dramatiseer 'n gesprek tussen Emma en 'n vriendin ná die dans. Emma praat oor wat gebeur het, en haar vriendin gee raad.

2. Skryf ’n dialoog gebaseer op die gesprek in Vraag 1.

Idees vir mondelinge en skriftelike aktiwiteit

- Dink na oor hoe Emma voel. Is sy gewoond aan hierdie soort aandag van ’n seun? Hoe reageer sy? Wat merk sy op in Dries – sy voorkoms, sy karakter, sy stem? Watter soort raad sal die vriendin gee? Die antwoord op hierdie vraag sal afhang van hoe Emma reageer en van die vriendin se persoonlikheid.
- Die gesprek moet so realisties moontlik wees, met eenvoudige woordeskat, selfs sleng, eenvoudige grammatikale strukture, kort sinne, miskien onvolledige stellings en onderbrekings.

Assessering

’n Suksesvolle dialoog sal natuurlik, vloeiend klink, met eenvoudige taalpatrone van spraak, nie van skryf nie: kort stellings, ’n redelik eenvoudige woordeskat. Wat Emma en haar vriendin sê, behoort ooreen te stem met wat ons van hulle weet, en moet ook in register ooreenstem.

U kan ’n taaklys met hierdie kriteria aan leerders gee voordat hulle die skryfwerk doen sodat hulle weet waarop om te fokus. Byvoorbeeld:

- Natuurlike taal?
- Natuurlike beurte (antwoorde pas by die vrae)?
- Gepaste woordeskat?
- In ooreenstemming met karakters?
- Behulpsame raad?

Hulle kan dit vir selfassessering of portuurassessering gebruik, waarna u hul skryfwerk kan nagaan en assesseer.

''MA, DOGTER'' – MARGUERITE POLAND

Aktiwiteit 1
[LU 2b, LU 2c, LU 2j, LU 2q LU 2t; LU 1a]

Leerders werk individueel en beantwoord die volgende vrae:

1. Wie skryf elke inskrywing in die dagboek, en wanneer?
2. Bepaal die temas, gebeure en gedagtes wat die ma en dogter gemeen het.
3. Die ma se laaste dagboekinskrywing eindig: "Miskien sal daar eendag, baie jare van nou af, 'n rede wees vir my om te onthou." Was daar iets wat haar laat onthou het?

Antwoorde

1. Die ma skryf haar vyf inskrywings in Junie en Julie 1967. Die dogter skryf haar vier inskrywings in Junie en Julie 1994.
2. Eers dink albei terug en onthou: die ma onthou die kafeteria, die dans by die Sky Roof; die dogter die matriekafskeid die vorige aand. Ten tweede, hulle ma's maak nie 'n bohaai oor die seunsvriend nie, maar doen eerder dinge wat spreek van omgee: vir die ma 'n terugslaan van die lakens en invou van die donskombers; vir die dogter 'n opvou van die duvet om dit netjies te maak. Ten derde, in albei gevalle sê die seunsvriend tot siens. Ten vierde, hulle is jammer oor die manier waarop die verhouding geëindig het: die ma – "Dink hy dit is 'n storie of 'n drama met Die Einde netjies onderstreep?" (sy dink **steeds** daaroor); die dogter – "Ek wens ons het dit gelos soos dit was. Ek wens hy het weggebly."
3. Die dogter het moontlik besluit om haar ma te vertel wat met haar gebeur het – aan die einde van haar finale inskrywing skryf sy: "Ek wens daar was iemand vir wie ek dit kon vertel". Dit sou die ma aan haar eie ervarings herinner.

Aktiwiteit 2
[LU 2q, LU 2n]

Leerders dink na oor hierdie temas en boodskappe:
- Liefdesverhoudings.
- Gewone menslike ervaring van verhoudings.
- Gebare van liefde en omgee.
- Geskiedenis herhaal hom dikwels.

"BLOEDVERWANTE" – CHRIS VAN WYK

Aktiwiteit 1
[LU 2b, LU 2c; LU 1a, LU 1f, LU 1g, LU 1m]

Leerders werk individueel en beantwoord die volgende vrae:
1. Waar woon die verteller normaalweg?
2. Waarom het hy Karoo toe gegaan, na 'n dorpie genaamd Carnarvon?
3. Waarom het hy na net twee weke weggegaan?
4. Wie was sy reisgenote tussen Hutchinson en die Transvaal?
5. Wie was Georgie, en waaroor het sy verhaal gehandel?
6. Hierdie verhaal bevat baie stories, maar snaaks genoeg, nie die "familiesage" wat die verteller beoog om te skryf nie. Soek ses stories. Een van hulle is net 'n verwysing na 'n groep verhale wat aan die verteller vertel is.

Antwoorde
1. In die Transvaal.
2. Om met mense te praat en inligting te kry vir die familiesage wat hy wil skryf.
3. Die mense en hulle stories het saai, vervelend geraak.
4. Drie jong mans en twee tienerseuns.
5. 'n Medepassasier wat die verteller op die trein van Johannesburg na Kaapstad ontmoet het, wat vir hom 'n storie vertel het wat die verteller nou aan sy

reisgenote vertel. In dié verhaal het Georgie vertel hoe hy 'n man doodgemaak het wat hom probeer beroof het, en hoe hy die man daarna van die trein afgegooi het.

6. Ten eerste, stories wat die ou mense in Carnarvon aan die verteller vertel het. Ten tweede, die storie van die twee seuns wat die verteller uitgedink het op sy "verbeeldingstikmasjien". Ten derde, die storie wat Georgie Abrahams oor homself vertel het. Ten vierde, dieselfde storie, soos deur die verteller aan sy reisgenote vertel. Ten vyfde, die bendegeweld soos vertel deur die broers, en wat hulle beplan om te doen. Ten sesde, die verteller se storie self van sy besoek aan Carnarvon tot die dood van sy bloedverwante.

Aktiwiteit 2

[LU 2q, LU 2n]

Leerders dink na oor hierdie temas en boodskappe:

- Interessante dinge is nie altyd ooglopend interessant nie.
- Die interessantheid lê dikwels onder die oppervlak.
- Mens vind soms interessante dinge in onverwagte plekke.

Aktiwiteit 3

[LU 2c, LU 2d; LU 3c, LU 3d, LU 3f, LU 3g, LU 3h, LU 3i tot LU 3n]

Leerders werk individueel en voer die volgende taak skriftelik uit:

- Die verteller soek goeie stories, geniet dit om stories te vertel en om na stories te luister, maar die interessantste verhaal van almal kom wanneer hy dit die minste verwag: die twee seuns in die kompartement van die trein. Rekonstrueer en vertel weer hulle storie in chronologiese volgorde.

Antwoorde moet die volgende gebeure insluit

- Drie jaar gelede is 'n broer van die twee seuns – 'n bendeleier – doodgemaak in Coronationville, 'n Johannesburgse township (bladsy 120).
- Hulle was in 'n verbeteringskool (om die een of ander onbekende rede), maar het die naweek afgekry om sy begrafnis by te woon.

- Hulle het die trein gehaal Johannesburg toe. Die verteller het op Carnarvon op die trein geklim. Hulle het na die verhaal oor Georgie geluister, maar nie gelag nie. Drie ander reisigers het afgeklim en die verteller moes na aanleiding van hulle kakieklere besef het dat hulle van ’n Kaapstadse verbeteringskool op pad Johannesburg toe was, want hy begin senuagtig lyk. Nou praat hulle hardop, met platvloershede in hulle gesprekke; hulle het hulle uitgestrek, en hulle verhaal vertel. Die verteller het selfs nog senuagtiger geword toe hy hoor van die broer en hulle wraakplanne. Een van die broers het toe die verteller herken, veraf verwant. Hierna eet hy aandete saam met hulle (bladsye 119-121).
- ’n Paar dae tevore is die twee broers in ’n bende-oorlog dood, en in dieselfde kerkhof as die broer begrawe. Nog nie 21 jaar oud nie (bladsy 121).

Die skryfwerk behoort die storie duidelik uiteen te sit. Dit moet onderskei tussen feite wat ons uit die verhaal leer en dit wat ons raai. Dit moet in een tyd afspeel, óf verlede óf teenwoordige tyd.

Assessering

Die detail van die verhaal moet korrek wees. Die verhaal moet vloeiend vertel word, met gepaste skakels (byvoorbeeld *toe*, *voor*, *alhoewel*, *gevolglik*). Leerders moet weereens ingelig word oor wat die kriteria is wat in die rubriek verskyn.

‘‘OP SOEK NA JOHNNIE SEPTEMBER’’ – MELVIN WHITEBOOI

Aktiwiteit 1

LU 2b, LU 2c, LU 2j, LU 2m, LU 2n, LU 2s, LU 2t; LU 1a]

Leerders werk individueel en beantwoord die volgende vrae:

1. In die eerste paragraaf staan: “Vir my het dit soos ’n ewigheid gevoel”. Hoekom?
2. In die agtste paragraaf herinner die verteller die man “stil”. Wat dink jy is die verteller se gedagtes en gevoelens?

3. Wanneer Joubert op bladsy 123 sy naam vra, sê die verteller: “My lippe voel skielik droog”. Wat beteken dit? Waarom was dit so?
4. Op bladsy 123 is daar ’n “veraf hartseer trek” in Frank Joubert se oë. Aan die einde van die verhaal weet ons wat die rede vir daardie trek is. Wat is dit?

Antwoorde

1. Hy voel ongemaklik, verleë, weerloos.
2. Die “stil” sou kon dui op woede wat onder beheer gehou word; ongeduld; die wit man wat nie herinner wil word aan die wet soos dit onder apartheid was nie; en die gedrag van baie wittes toe hulle segregasie aanvaar het.
3. Hy was senuagtig. Hy sou óf ’n vals naam gebruik, wat oneerlik sou wees, óf sy werklike naam, wat daartoe sou lei dat die mense hom kon identifiseer.
4. Frank het Johnnie goed geken. Frank se meisie het hom gelos om by Johnnie te wees. Johnnie het vir Frank gevra om hom hiervoor te vergewe. Die noem van Johnnie bring vir Frank herinneringe van sy gewese meisie en van Johnnie.

Aktiwiteit 2

[LU 1f, LU 1g, LU 1j, LU 1n, LU 1r, LU 1u; LU 2f, LU 2g, LU 2i, LU 2j, LU 2k, LU 2n]

Die leerders doen navorsing oor die vraag hieronder. Hulle bied hul bevindinge mondelings aan (individueel of in groepsverband). Hulle kan ook hul antwoorde individueel neerskryf:

1. Wat dink jy het die verteller moontlik geantwoord toe hy na Johnnie se familie geluister het, in die besonder na hierdie stellings:
   (a) “Issie waar wat daai poliesman gesê het nie …”
   (b) “Daai polisieman het gelieg …”
   (c) “… daai polisieman het nogal ’n medalje gekry omlat hy my tjint vermoor het …”
   (d) “Twee skote innie rug …”
2. Daar is baie oor vergifnis in die verhaal.
   (a) Wie vergewe wie en om watter redes?

(b) Die polisieman het nie die moed om vergifnis te vra nie, maar Frank vergewe hom. Met watter woorde?

Antwoorde

1. (a) "Daar is vir my gesê hy was 'n terroris, ek het net opdragte uitgevoer. Ek was gebreinspoel."
   (b) "Ek het nie – ek het gedink dat wat ek sê was waar."
   (c) "Ek is nie nou trots daarop nie."
   (d) "Ja, ek weet nie werklik hoekom nie. Miskien het ek gevoel ek wou nie 'n gevaarlike man laat ontsnap nie. Of miskien was ek bang."
2. (a) Johnnie se ouers vergewe die polisieman omdat die Bybel hulle so leer, ook omdat Johnnie dit sou wou hê. Johnnie se meisie vergewe die polisieman, want sy is moeg van haat; sy volg Mandela se voorbeeld. Mandela het diegene wat hom gehaat het en hom in die tronk gegooi het, vergewe. Frank Joubert het Johnnie dit vergewe dat hy sy meisie afgevat het; Johnnie het hom "disarm" (bladsy 126) deur vergifnis te vra.
   (b) "Dis verby. Mandela het vergewe, Johnnie se ouers het vergewe. Is 'n nuwe land. 'n Nuwe begin" (bladsy 126).

Aktiwiteit 3

[LU 2q, LU 2n]

Leerders dink na oor hierdie temas en boodskappe:

- Gevolge van politieke beleid op menslike lewens.
- Gebruik van politiek of patriotisme as 'n verskoning vir jou optrede.
- Vergifnis.
- Begrip vir waarom mense mekaar vergewe.

"GLAS" – GEORGE WEIDEMAN

Aktiwiteit 1
[LU 2b, LU 2c, LU 2l; LU 1a]

Leerders werk individueel en beantwoord die vrae. Verduidelik die onderstaande woorde en terme:

1. "in die gopse"
2. "skatryk"
3. "regstellende aksie"
4. "mistroostige borsspelde"
5. "*De Kat*"
6. "conversation piece"
7. "naïewe kuns"
8. "Groot Depressie"
9. "Madame Tussaud"
10. "Krisjan de Wet, Jopie Fourie"
11. "bankrotvendusies"
12. "rangeer haarself altyd op 'n ander spoor"
14. "'n real museum piece".

Antwoorde

1. Ver weg van die stede en dorpe af.
2. Baie, baie ryk.
3. Neem meer van 'n sekere groep mense (wat in die verlede minder in diens geneem is as wat regverdig was) in diens om die ewewig te herstel.
4. Onbenullige, vreemde borsspelde.
5. 'n Afrikaanse glanstydskrif.
6. 'n Voorwerp wat interessant is om oor te praat.
7. 'n Kunsstyl wat eenvoudig is, kinderlik.
8. Die groot ekonomiese ineenstorting van 1929.
9. 'n Museum met lewensgetroue wasbeelde van beroemde mense.
10. Helde van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902.

11. Verkope van die besittings van iemand wat bankrot gespeel het, al sy/haar geld verloor het.
13. Begin praat oor ’n ander onderwerp, soos ’n trein wat van die hoofspoor afbeweeg.
14. ’n Voorwerp wat goed en waardevol genoeg is om in ’n museum gehou te word.

Aktiwiteit 2

[LU 1f, LU 1g, LU 1j, LU 1n; LU 2i, LU 2j, LU 2n]

Die leerders doen navorsing oor die vrae hieronder. Hulle bied hul bevindinge mondelings aan (individueel of in groepsverband). Hulle kan ook hul antwoorde individueel neerskryf. Daar is baie temas in hierdie verhaal. Beantwoord die volgende vrae daaroor:

1. Dit handel oor pragtige, handgemaakte goedere. Gee die verhaal dit weer as die moeite werd en as iets wat genot verskaf, of as ’n vermorsing van tyd en geld?
2. Dit handel oor reën en die natuur. In watter opsig is die reën ’n seën, in watter opsig ’n straf?
3. Dit handel oor verskillende maniere van waarneem. Op watter verskillende maniere neem Rocco en die verteller die stortreën waar?
4. Dit handel oor verskillende soorte werk. Hoe verskil die soorte werk wat deur die handelaars by die vlooimark gedoen word van dié van oupa Moos?
5. Dit handel oor die manier waarop glas vir verskillende soorte uitings gebruik kan word. Kan jy voorbeelde in die verhaal opspoor?

Antwoorde

1. Miskien die moeite werd, indien gemaak deur mense soos oupa Moos, die werklike kunstenaars, maar moontlik nie indien gemaak om by vlooimarkte gekoop te word nie, as gesprekstukke (“conversation pieces”).
2. Die boere het die reën nodig sodat die droogte gebreek kan word, maar dit vernietig huise en mense se besittings.
3. Vir Rocco is dit eerstens net ’n goeie storie; hy sien nie die menslike element,

die tragedie nie. Die verteller sien dit van die begin af wel so. Dit lyk asof die verteller Rocco se sienings verander, en dus ook die artikels wat hy skryf, voordat die artikel per faks gestuur word. Op bladsy 133 sê Rocco: "Maar ek het my storie aangepas."

4. Die handelaars by die vlooimark maak 'n bestaan, kry 'n manier om geld te maak. Vir oupa Moos is dit eerder: hy kry ook plesier uit die maak van mooi goed. Hy is gelukkig om dit wat hy gemaak het, aan iemand wat skoonheid waardeer as 'n geskenk te gee, sonder betaling.
5. Van glas kan onbenullige borsspelde gemaak word, maar dit kan ook herbenut en gebruik word om pragtige goed te maak. Oupa Moos herskep ou bierbottels in pragtige wynglase. Hy maak 'n musiekinstrument daarmee: die agt reghoekige stukkies glas op 'n raampie wat hy aan die verteller gee. In hierdie vorm kan die glas enersyds uiting gee aan 'n pragtige klank, die omgewing weerspieël: "soet en strelend" (bladsy 130), of andersyds kan dit die tragedie weerspieël wat net soveel deel is van mense se lewens as skoonheid: "Dit klink soos waterdruppels teen 'n ruit" (bladsy 133).

Aktiwiteit 3
[LU 2q, LU 2n]

Leerders dink na oor hierdie temas en boodskappe:

- Skoonheid.
- Die kunstenaar.
- Leer meer oor menslike tragedie.
- Sien die menslike dimensie in groter gebeure.
- Natuurlike rampe beïnvloed gewone mense se lewens.

Aktiwiteit 4
[LU 3a tot LU 3c, LU 3f, LU 3k]

Leerders werk individueel en voer die volgende taak skriftelik uit:

- Skryf 'n gesprek tussen twee groot, swart wolke, wat daaroor verskil of hulle op die dorp moet reën.

Assessering

Hierdie dialoog is waarskynlik nie ernstig nie – alhoewel dit sou kon wees – maar dit moet steeds natuurlik klink, vloeiend, met taalpatrone van spraak, nie van skryf nie: kort stellings, 'n redelik eenvoudige woordeskat. Wat die twee wolke sê, moet pas by die feite van die verhaal, en vanselfsprekend sal deel van hulle gesprek verband hou met die effek op die dorp indien die reën val.

Gee vir die leerders 'n taaklys met hierdie kriteria voordat hulle die skryfwerk doen sodat hulle weet waarop om te fokus:

- Natuurlike taal?
- Natuurlike beurte (gepaste reaksies op kommentaar of vrae)?
- Gepaste woordeskat?
- Ooreenstemming met die feite van die verhaal?
- 'n Bevredigende gevolgtrekking?

Hulle kan dit vir selfassessering of portuurassessering gebruik, waarna u hul skryfwerk kan nagaan en assesseer.

"OM 'N TWEEDE KEER TE KYK" – MIRIAM TLALI

Aktiwiteit 1

[LU 2b, LU 2c, LU 2j, LU 2k; LU 1a]

Leerders werk individueel en beantwoord die volgende vrae:

1. Is die verteller vandag 'n onderwyser?
2. Wie is Malome Tsitso?
3. Waarom is die verteller en haar susters so na aan hulle grootouers?
4. Om watter rede word die verteller deur haar ouma ingeroep?
5. Hoe gou hierna sterf haar ouma?
6. Waaroor is die verteller gelukkig ten tye van haar ouma se finale siekte?

Antwoorde

1. Nee, sy werk in die sakewêreld.
2. Een van die verteller se vyf ooms, haar ma se broers.
3. Hulle pa is dood, hulle ma is vir lang tydperke weg vir haar werk; hulle bly dus by hulle ouma.
4. Om die geld wat sy vir die kussing gespaar het, weg te steek.
5. "jare later" – beslis meer as twee of drie, miskien selfs tien jaar of meer.
6. Haar geliefde oom, Malome Tsitso, sorg vir sy sterwende ma, en gee haar so die versekering dat haar geloof in hom reg/geregverdig was.

Aktiwiteit 2

[LU 1f, LU 1j, LU 1n, LU 1r, LU 1u; LU 2i tot LU 2k, LU 2n, LU 2s]

Die leerders doen navorsing oor die vrae hieronder. Hulle bied hul bevindinge mondelings aan (individueel of in groepsverband). Hulle kan ook hul antwoorde individueel neerskryf:

1. In die eerste paragraaf kry ons die tema van die verhaal. Wat is dit?
2. Op bladsy 135 sê die verteller vir ons dat die "tyd van vertroue in almal wat tot hierdie uitgebreide familie behoort het", beëindig is toe "iets gebeur wat my laat grootword het". Wat het gebeur wat haar laat grootword het? Op watter maniere word sy groot?
3. Word sy jare later, wanneer haar ouma sterf, nog 'n bietjie groter?

Antwoorde

1. Vertroue en wantroue.
3. Sy het haar eerste ervaring van die wêreld van geld, en daardeur leer sy iets omtrent die menslike natuur, naamlik dat nie almal perfek is nie, nie almal behoort vertrou te word nie. Haar geliefde ouma het vir haar gesê dat haar ooms nie vertrou kon word nie, dat haar geld nie veilig was nie, want hulle sou dit in die hande probeer kry.

3 Ongetwyfeld, ja. Wanneer haar gunstelingoom, Malome Tsitso, na sy ma omsien, moet die verteller haarself vrae afvra wat tot dieper insig in die menslike natuur lei: Het Malome verander? Was my ouma verkeerd oor

hom? Hoe kan ek weet wie om te vertrou as die mense wat ek liefhet, nie altyd reg is nie?

Aktiwiteit 3
[LU 2q, LU 2n]

Leerders dink na oor hierdie temas en boodskappe:
- Vind die waarheid omtrent mense uit.
- Kinders se siening van volwassenes.
- Die uitwerking van geld op mense.

Aktiwiteit 4
Bespreking: *[LU 1d, LU 1j, LU 1k, LU 1l]*
Debat: *[LU 1e, LU 1j, LU 1k, LU 1l]*

Die leerders bespreek hierdie aktiwiteit as klasgroep of in kleiner groepe. Hulle kan ook ’n debat daaroor voer:
- Is dit ’n goeie ding om kinders te leer om mense te wantrou, en agterdogtig jeens hulle te wees?

Assessering
Kyk na die aantekeninge oor debatte en skriftelike antwoorde by “Vlerke vir Bulbie” en gebruik dit ook hier.

''HILLBROW SE STRATE, HIER KOM EK'' – KAIZER M. NYATSUMBA

Aktiwiteit 1

[LU 2b, LU 2c LU 2t; LU 1f, LU 1g, LU 1m, LU 1n]

Leerders werk individueel en beantwoord die volgende vrae:

1. Verduidelik die verskil tussen die titel van die verhaal en die slotreël daarvan.
2. Die verhaal begin in die hede, en beweeg heen en weer tussen die verlede en die hede. Skryf die belangrikste gebeure van die verhaal puntsgewys en in chronologiese volgorde neer.

Antwoorde

1. Titel: dit is waarheen hy wil gaan of beplan om heen te gaan om van sy ongelukkige huislike situasie weg te kom. Laaste sin: dit is waar hy nou is, sy nuwe lewe op die strate.
2. Belangrikste gebeure in chronologiese volgorde:
   (a) Gelukkige kinderdae saam met gelukkige ouers in Orlando-Oos (bladsy 143).
   (b) Ouers begin rusie maak.
   (c) Twee jaar gelede het die rusies ernstig begin raak. Egskeiding is genoem.
   (d) Hulle het geargumenteer oor die relatiewe meriete van hulle akademiese kwalifikasies (bladsy 145).
   (e) Die ouers het mekaar begin haat (bladsy 139).
   (f) Albei het laat begin huis toe kom en nie vir Justice gesê wat aan die gang was nie.
   (g) Sy ma het aansoek gedoen om 'n egskeiding. Die saak het vir twee jaar gesloer. Die ouers het gedurende hierdie tyd in aparte kamers geslaap.
   (h) Die hofsaak, verlede week: Justice sê hy wil by albei bly, of by geeneen nie, maar die regter het toesig aan die ma toegeken.
   (i) Hy verlaat die hofgebou vloekend, hoop hy stel sy ouers in die verleentheid.
   (j) By die huis gooi sy ma sy pa se besittings uit die huis uit.

(k) Dieselfde aand het die prokureur wat sy ma in die hof verteenwoordig het, kom besoek aflê.
(l) 'n Paar dae later was dit vir Justice duidelik dat hulle 'n verhouding het, en hy loop daardie selfde aand nog van die huis af weg.
(m) Hy het na die strate van Hillbrow toe gegaan, waar hy nou nog is. Aan die begin was dit nie maklik nie, maar hy raak gewoond daaraan. Hy mis sy skoolmaats.
(n) Hy leer om te bedel en te steel.

Aktiwiteit 2
[LU 1j, LU 1n, LU 1u; LU 2j, LU 2m, LU 2n, LU 2s]

Die leerders doen navorsing oor die vrae hieronder. Hulle bied hul bevindinge mondelings aan (individueel of in groepsverband). Hulle kan ook hul antwoorde individueel neerskryf:

1. Die verteller sê: "Ek sal niemand ooit weer vertrou nie, nie vir so lank as wat ek lewe nie", en: "ek wens ek kan hulle doodmaak", en: "as jy my gewese ouers geken het, sou jy verstaan het." Verstaan jy?
2. Dink jy Justice het reg opgetree in die hof?
3. Dink jy sy besluit om van die huis af weg te loop, was korrek?

Idees vir die bespreking of skriftelike antwoorde

- Waarom kan hy nie vertrou nie? Waarom wil hy hulle doodmaak? Is sy gevoelens geregverdig en sy behoefte om dood te maak geregverdig, begryplik, onaanvaarbaar, immoreel, naïef, of wat?
- Dink weer waarom hy so opgetree het, sy motiewe van binne – sy gevoelens – en van buite – wat het hy in die hof gehoop om te bereik deur so te praat? Was dit respekvol? Maak dit saak?
- Op watter maniere sou 'n lewe op straat vir Justice beter wees as om by die huis te woon? Op watter maniere sou dit slegter wees?

Aktiwiteit 3
[LU 2q, LU 2n]

Leerders dink na oor hierdie temas en boodskappe:
- Die generasiegaping.
- Die gaping tussen die reg/owerhede en gewone mense.
- Grootwordproses.
- Verkryging van vryheid.

"TUINHEKKIE-GROEN, KLEINHUISIE-PIENK, AGTERDEUR-BLOU" – RIANA SCHEEPERS

Aktiwiteit 1
[LU 2b, LU 2c, LU 2j, LU 2s LU 2t; LU 1a]

Leerders werk individueel en beantwoord die volgende vrae:
1. Verduidelik die betekenis en belang van die titel.
3. Verduidelik die betekenis en belang van die eerste reël van die verhaal.
3. Verduidelik waarom die woorde van die verteller se ma (die laaste sin van die verhaal) so betekenisvol is.

Antwoorde
1. Dit is die kleure van die verf wat deur die vrou se man gebruik is om die hek, kleinhuisie en agterdeur te verf. Deur daardie verf in die spens te gebruik voltooi sy op 'n manier sy werk, en aanvaar ook die feit dat hy weg is en dat 'n mens moet voortgaan met die lewe.
2. Dit was asof die verteller se ma dood was: sy het nie lewe gegee aan haar emosies nie, sy het niks gevoel nie.
3. Gemmerbier word met haar man verbind: hy sou vir hulle gemmerbier inskink wanneer hy van die werk af by die huis kom. Deur dit nie te maak nie, het sy sy dood probeer ignoreer, het sy vir haarself probeer voorgee dat dit

nie gebeur het nie; deur dit te maak, aanvaar sy sy dood en ook die belangrikheid van die lewe, wat ondanks die dood voortgaan. Dis nie nodig dat die gemmerbier moet ophou net omdat haar man dood is nie.

Aktiwiteit 2
[LU 2q, LU 2n]

Leerders dink na oor hierdie temas en boodskappe:
- Om die dood van 'n geliefde te oorkom.
- Aanvaarding van die dood en aangryp van die lewe.

Aktiwiteit 3
[LU 1a, LU 1b, LU 1c, LU 1f, LU 1g, LU 1i tot LU 1n]

Leerders werk individueel en voer die volgende take skriftelik uit:
1. Verbeel jou dat jy een van die mans is wat die verteller se ma die hof maak. Skryf 'n brief waarin jy probeer bereik wat jy nie kon bereik deur die huis te besoek nie. (Jy probeer mooi dinge sê omtrent die verteller.)
2. Verbeel jou dat jy die verteller is. Jy sien die brief in Vraag 1 hierbo en skryf 'n brief as antwoord aan die man. Jy kan ferm wees, eerlik, grappig, maar nie onbeskof of beledigend nie.

Assessering
Hier moet assessering fokus op die vorm van die brief (aanhef, inleiding, paragrafering, slot), die woordeskat wat gebruik word (gepas by die skrywer? gepas by die bedoeling – om ferm te wees, grappig, en so meer?) en op hoe suksesvol die skrywer is in die bereiking van die doel. Verduidelik hierdie taaklys sorgvuldig aan die leerders.

Algemene vrae vir hersiening

Al hierdie vrae kan vir uitgebreide groepbespreking in die klas gebruik word *[LU 1a, LU 1d, LU 1f, LU 1j]*, of vir skryftake as tuiswerk. Dit vereis 'n redelike mate van navorsing – vluglees en soeklees deur die verhale *[LU 2b, LU 2c]* – en dan aanbieding van bevindinge op 'n leesbare, aantreklike wyse *[LU 3c, LU 3d, LU 3e]*.

1. Watter verhale handel oor sosiale en politieke kwessies? Is dit vandag steeds relevant?

2. Watter verhale handel oor emosionele kwessies en verhoudings? Is dit oor die algemeen minder of meer relevant as die stories oor politieke kwessies?

3. Watter soort keerpunt is daar in die verhale?

Assessering

U kan volgens die behoeftes van die leerders, of die besondere vaardighede waarop u gekonsentreer het, besluit wat geassesseer moet word. In skriftelike antwoorde van hierdie aard, kan u die volgende assesseer:

- helderheid van uitdrukking
- logiese uiteensetting
- gebruik van paragrafering vir koherensie
- gebruik van skakelwoorde vir kohesie
- omvang van woordeskat
- grammatikale korrektheid
- akkuraatheid van feite
- begrip van die verhaal
- insig in die karakters.

Verduidelik – soos altyd – die rubriek of kontrolelys vooraf vir die leerders, sodat hulle weet wat hulle moet probeer bereik.

Leerders sal nie hulle antwoorde in tabelvorm, soos hieronder, aanbied nie, maar hierdie tabel gee 'n kort oorsig oor moontlike antwoorde op Vrae 1, 2 en 3. Leerders kan moontlik verskillende menings aanbied wat heeltemal aanvaarbaar is. Hulle sal hulle mening moet kan staaf indien u hulle vra.

Verhaal	**Sosiale/ politieke kwessie?**	**Emosioneel?**	**Keerpunt van/na**
Die rooi sportmotor		√	Van gebrek aan beheer na beheer oor die lewe en lotsbestemming
Twee vissermanne	√	√	Na begrip van mense, self
Vlerke vir Bulbie		√	Na begrip van mense
'n Beleërde bestaan	√	√	Politieke & verwante persoonlike verandering
'n Donker meisie in Tepotzlán	√	√	Na begrip van self, van plek in die lewe
'n Gemorsstorie			Humoristies, na begrip
Baba Mfundisi, die prediker	√		Van respek na siniese belediging van 'n gerespekteerde figuur
Jou stem is jou stem	√		Geen stem, misverstand, na 'n stem hê
St. Christopher op die Parade	√	√	Na vrye demokrasie
'n Nuwe begin	√		Na vrye demokrasie
'n Refleksie van homself	√	√	Na kennis van self
Die reis		√	Na beheer van self
Die towerman		√	Na beheer van emosies en lewe

Aan die punt van jou arm		√	Na jouself te kan help
'n Beter lewe vir Mams	√		Na die waarheid oor geld, misdaad agterkom
Moord op Vrydag	√		Van misdaad na die gevolge daarvan
Die man langsaan	√	√	Van bevraagtekening na aanvaarding van misterie, verskil
Ateljee		√	Na die waarheid oor mense agterkom
Die aand toe die aarde andersom begin draai het		√	Van onvolwasse poging om te beheer tot volwasse aanvaarding
Ma, dogter		√	Gewone ervarings beweeg van een geslag na die volgende
Bloedverwante		√	Na agterkom wat werklik interessant is
Op soek na Johnnie September	√		Na begrip van vergifnis
Glas		√	Na bewustheid van menslike tragedie
Om 'n tweede keer te kyk		√	Na kennis van die menslike aard
Hillbrow se strate, hier kom ek			Van slagoffer na jou eie baas wees
Tuinhekkie-groen, kleinhuisie-pienk, agterdeur-blou		√	Na aanvaarding van die dood van ander en dus eie lewe

Daar kan aangevoer word dat politieke kwessies deesdae minder relevant is. Dit is egter altyd belangrik om van die verlede te weet ten einde die hede beter te verstaan. Verhale oor emosionele kwessies en oor verhoudings sal onmiddellik relevant wees vir lesers wat ervaring het van dieselfde soort ding of wat dit tans ervaar. Maar die relevansie van onlangse politieke veranderinge behoort nie onderskat te word nie.

Idees vir verdere vrae

Hier is idees vir verdere vrae. Dit brei die omvang van die verhale uit om dit ten opsigte van die leerders se lewensomstandighede persoonliker of relevanter te maak. Die vrae kan tot bespreking in pare of klein groepies, en daaropvolgende terugvoer, asook tot korter of langer skryfstukke lei. *[Luister en praat: LU 1a, LU 1d, LU 1f, LU 1h, LU 1j, LU 1m; Lees en kyk: LU 2b, LU 2c, LU 2d, LU 2f, LU 2j, LU 2m, LU 2n, LU 2p; Skryf en aanbied: LU 3a tot LU 3n – almal van hulle!; Taal: LU 4r, LU 4s, LU 4t.]* Die meeste van die vrae vereis 'n persoonlike respons [LU 2m], maar die persoonlike respons moet altyd kennis en begrip van die verhaal demonstreer. Dit moet dus in die rubrieke verskyn.

Assessering sal by elke vraag verskil, en afhang van die aard van die vraag en van die vaardighede waarop u wil fokus. Aangesien die meeste vrae 'n persoonlike respons vereis, sou dit in die meeste rubrieke voorkom, byvoorbeeld:

- Persoonlike respons duidelik?
- Mening geregverdig?
- Hou mening verband met die verhaal?

U sal dus aan leerders sê dat u wil hê hulle menings moet duidelik wees, met die verhaal verband hou, gegrond of geregverdig wees.

"Die rooi sportmotor"

1. Het jy van die verhaal gehou? Waarom of waarom nie? Probeer om spesifiek te wees. Hou jy daarvan of nie daarvan nie weens die gebeure in die verhaal, of 'n karakter, of die stemming, of die idee of boodskap van die storie?
2. Is daar iets in jou lewe wat jou hoop en ambisie verteenwoordig?
3. Het jy probleme soos dié van die verteller, of weet jy van enigeen wat sulke probleme het?

“Twee vissermanne”

1. Het jy al ooit as gevolg van jou ras, of jou voorkoms, of ’n besondere fisieke kenmerk kwaad of ongemaklik gevoel? Wat het gebeur? Hoe het jy gevoel?
2. Het jy al ooit iemand anders as gevolg van sy/haar ras, of voorkoms, of ’n besondere fisieke kenmerk ongemaklik laat voel? Wat het gebeur? Hoe dink jy het daardie persoon gevoel, en hoe voel jy oor wat jy gedoen het? Dit sou iets kon wees wat iemand anders gedoen het.
3. Van watter soort rasseprobleme in ander dele van die wêreld weet jy? Probeer om akkuraat en analities te wees. Tussen wie is die probleme? Wat is die oorsake van die probleem? Word oplossings getoets? Wat dink jy sou gedoen kon word om die situasie te verbeter?

“Vlerke vir Bulbie”

1. Is alkohol ’n probleem in jou gemeenskap? Onder wie? Wat is die oorsake, en wat dink jy is moontlike oplossings?
2. Sou jy ongelukkig wees indien die asem van een van jou onderwysers na alkohol ruik? Waarom of waarom nie?
3. Dink jy dit is erger om alkohol te drink as om te rook?

“’n Beleërde bestaan”

1. Wanneer speel die verhaal af? Waarom het skoolkinders in daardie dae skole geboikot?
2. Is jy gelukkig met die onderwys soos dit vandag is? Indien nie, is daar enigiets wat jy persoonlik sou kon doen om die situasie te verbeter?

’n Donker meisie in Tepotzlán”

1. Waarom verlaat mense hulle vaderland?
2. Simpatiseer jy met mense wat hulle vaderland verlaat?
3. Sou jy ooit jou land verlaat, en om watter rede?

"'n Gemorsstorie"

1. Hoe word vullis in die gebied waar jy woon, ingesamel?
2. Word dit gesorteer, óf deur jouself óf deur die mense wat dit insamel?
3. Waarheen gaan dit? Word dit verbrand, of word dit na 'n opvullingsterrein geneem, of wat?

"Baba Mfundisi, die prediker"

1. Sou dit reg wees om geweld te gebruik om iemand wat iets gewelddadigs aan jou wil doen, of wat probeer om iets van jou te steel, te keer? Sou dit reg wees om die persoon eerste te skiet indien jy dink hy/sy wil jou skiet?
2. Die meeste Christene volg Christus se oproep om "die ander wang te draai", met ander woorde, om nooit geweld met geweld te probeer beantwoord nie. Dink jy dit is 'n goeie idee? Wat sê ander godsdienste, byvoorbeeld die Islam, Boeddhisme, Judaïsme en Hindoeïsme, oor hoe ons met betrekking tot geweld moet reageer?

"Jou stem is jou stem"

1. Was jy al ooit in 'n situasie waar mense bang is dat iets gaan gebeur? Hoe het jy en ander mense in daardie situasie opgetree? Was hulle reaksie normaal, abnormaal, beheers, oordrewe, of buite beheer?
2. Indien mense onkundig is oor iets (soos die mevrou in die verhaal onkundig was omtrent die werklike situasie in die land), dink jy iemand behoort vir hulle te sê wat die waarheid is? Waarom of waarom nie?

"St. Christopher op die Parade"

1. Het jy al ooit die ervaring gehad van 'n moeilike situasie wat skielik maklik raak, moeilike werk wat skielik hoegenaamd nie moeilik is nie? Beskryf die situasie, en dui aan waarom jou gevoelens verander het.

2. Hoe ervaar jy dit om in ’n skare te wees? Geniet jy dit, of hang dit van die situasie af?

“’n Nuwe begin”

1. Was jy, of enigeen wat jy ken, hetsy by Nelson Mandela se eerste verskyning op die Parade in Kaapstad nadat hy uit die tronk vrygelaat is, of by sy eerste verskyning as President? Wat was jou gevoelens toe, en nou, oor die gebeurtenis? Of wat was die gevoelens van die persoon wat jy ken, en voel hy/sy nou agterna dieselfde daaroor?
2. Hoe voel jy wanneer jy die volkslied sing? Of wanneer jy die Suid-Afrikaanse vlag sien? Wat beteken vlae en volksliedere vir verskillende mense?
3. Wat is die voordele en die gevare van politieke denkstelsels soos nasionalisme, kommunisme en sosialisme?

“’n Refleksie van homself”

1. Dink jy ooit oor jouself na? Is dit altyd ’n goeie ding om te doen? Waarom of waarom nie?
2. Kan jy ’n tyd onthou toe jy skielik iets omtrent jouself besef het wat jy nooit tevore besef het nie? Beskryf die oomblik.
3. Kan jy agterkom wanneer mense nie werklik glo wat hulle sê nie, met ander woorde, nie werklik weet wat hulle ware gevoelens is nie? Hoe weet jy?
4. Kan jy agterkom wanneer mense eerlik en opreg is oor wat hulle sê? Hoe weet jy? En hoe weet jy wanneer hulle oneerlik of onopreg is?

“Die reis”

1. Wat dink jy is die beste manier om ’n probleem soos hakkel, of ’n ander spraakgebrek, die hoof te bied?
2. Dink jy hakkel word deur die een of ander gebeurtenis in ’n persoon se lewe veroorsaak, of word ’n mens eenvoudig daarmee gebore?

“Die towerman”

1. Wat is die beste manier om pynlike ervarings in ’n mens se verlede te bowe te kom?
2. Hoe sou jy ander mense kon help om pynlike ervarings in hulle verlede die hoof te bied?

“Aan die punt van jou arm”

1. Christus het gesê dat ’n mens die ander wang moet draai, maar Hy het ook gesê ’n mens moet weer en weer en weer vergewe. Dink jy dit is altyd wenslik?
2. Wat dink jy moet gedoen word as mense hulleself nie in ’n sekere situasie wil help nie? Moenie slegs dink aan mense wat nie wíl werk nie, of nie werk wil soek nie, maar ook aan mense wat nie hulle eie probleme die hoof wil bied en iets daaromtrent wil doen nie.

“’n Beter lewe vir Mams”

1. Solly het iets wat sleg is, gedoen om iets wat goed is, te bereik. Is dit ooit aanvaarbaar? Met ander woorde, heilig die doel soms die middele?
2. Indien Solly nie in die tronk dood is nie, wat dink jy sou hy gedoen het wanneer hy vrygelaat is? Loop mense altyd op die regte paadjie nadat hulle in die tronk was?
3. Stel ander maniere voor waarop mense wat misdaad gepleeg het, gehanteer kan word.

“Moord op Vrydag”

1. Is dit aanvaarbaar om nie by iets wat vir ’n mens probleme of ongerief kan veroorsaak, betrokke te raak nie, byvoorbeeld indien jy ’n padongeluk of ’n straatroof sien?
2. Dink jy dat mense wat van ander steel, verdien om te sterf?

“Die man langsaan”

1. Het jy al ooit gevoel dat ander mense se vryheid jou eie vryheid inperk of daarop inbreuk maak? Wat was die situasie? Het jy enigiets daaromtrent gedoen, of dink jy jy moes iets daaromtrent gedoen het?
2. Die Franse Revolusie het oor vryheid, gelykheid en broederskap gehandel. Dink jy dat vryheid en gelykheid moontlik is in jou land, in jou wêreld, in jou lewe?

“Ateljee”

1. Is jy bang daarvoor om oud te word? Verstaan jy mense wat daarvoor bang is?
2. Indien die mediese wetenskap ’n manier kon kry om mense jonk te hou, sou jy hiervan gebruik wou maak?
3. Indien ’n fotograaf foto’s van jong meisies neem, beteken dit hy is ’n pervert?

“Die aand toe die aarde andersom begin draai het”

1. Dink jy dat ’n mooi meisie of aantreklike seun waarskynlik ’n beter kans het om in hierdie lewe gelukkig te wees as iemand met ’n gewone voorkoms?
2. Sou jy eerder uiterlik mooi of innerlik mooi wou wees, met ander woorde, uiterlik mooi wou lyk of mooi innerlike eienskappe van die hart en karakter wou hê?

“Ma, dogter”

1. Hou jy ’n dagboek, of het jy ooit een gehou? Wat was die redes waarom jy daarmee begin het, en wat was die redes waarom jy óf opgehou het óf voortgegaan het?
2. Is dit beter om ’n mens se gedagtes in ’n dagboek te skryf, of om dit met ’n vriend(in) of familielid te bespreek?

“Bloedverwante”

1. Hou jy daarvan om na stories te luister, of om stories te vertel? Waarom of waarom nie?
2. Mense sê dat die waarheid vreemder is as fiksie. Stem jy saam?

“Op soek na Johnnie September”

1. Dink aan verskillende tipes stryde waarby mense betrokke raak. Die stryd sou polities van aard kon wees (dink aan voorbeelde), of teen ’n sosiale euwel (soos dwelms), of ter wille van ’n ekologiese kwessie (soos die beskerming van woude of wilde diere).
2. Dink jy dit is beter om betrokke te raak by ’n stryd soos hierdie waar ’n mens kan seerkry of doodgemaak word, of is dit beter om daaruit weg te bly?

“Glas”

1. Waarom plaas koerante slegte nuus op die voorblad, en goeie nuus iewers aan die binnekant?
2. Hoe reageer mense wanneer daar ’n ramp, soos ’n oorstroming, aardbewing of tsoenami, is? Wat is party van die onselfsugtige reaksies, en wat is party van die selfsugtige reaksies?
3. Is dit ’n vermorsing van tyd en geld en talent om mooi dinge te maak? Dink aan sommige van die pragtige goed wat deur mense geskep is: geboue, kuns, musiek, liedere, poësie. Het hierdie dinge die wêreld ’n beter plek gemaak om in te lewe, of nie?

“Om ’n tweede keer te kyk”

1. Baie mense glo dat eerste indrukke altyd reg is. Stem jy saam?
2. Watter verskillende omstandighede sou jou die verkeerde idee, die verkeerde indruk van iemand kon gee? Die rede sou in jou en jou persepsies geleë kon wees, of dit sou in die ander persoon geleë kon wees.

“Hillbrow se strate, hier kom ek”

1. Wat kan jy omtrent die probleem van straatkinders doen? Of dink jy dit is nie ’n probleem nie, en sou jy eerder niks daaromtrent wou doen nie?
2. Onder watter omstandighede sou jy dit goedkeur as ’n kind van die huis af wegloop?
3. Is die gesin die beste sosiale groep vir ’n kind om in groot te word?

“Tuinhekkie-groen, kleinhuisie-pienk, agterdeur-blou”

1. Indien jy ’n diep ongelukkige ervaring gehad het, is dit beter om dit onmiddellik te probeer vergeet deur voort te gaan met die lewe en bedrywighede, of is dit beter om tyd te bestee om oor die ervaring te dink, hartseer te voel, te treur?
2. Indien ’n vrou haar man verloor, of ’n man sy vrou, hoe lank behoort hulle te wag voordat hulle weer trou? Of behoort hulle nooit weer te trou nie?

Glossarium

breinkaarte: grafiese weergawes van temas of onderwerpe

denotasie: die letterlike of primêre betekenis van ’n woord

figuurlike (taal): woorde of frases wat nieletterlik gebruik word vir ’n besondere effek (metafore, personifikasie is voorbeelde)

gebare: beweging van die gesig of liggaam om betekenis te kommunikeer

geïmpliseer/implisiet: iets wat in die teks gesuggereer word, maar nie direk uitgedruk word nie

homofone: woorde wat dieselfde klink, maar verskillend gespel word en waarvan die betekenisse verskil, bv. *vonds* en *fonds*

homonieme: woorde met dieselfde klank en spelling, maar verskillende betekenisse, bv. die selfstandige naamwoord *rys* en die werkwoord *om te rys*

inhoud: waaruit die teks bestaan; die feite, gebeure in die teks

koherensie: onderliggende logiese verhouding sodat teks of spraak sin maak

kohesie: skakeling van sinne met logiese verbindings, soos voegwoorde en voornaamwoorde

konflik: stryd tussen karakters, óf tussen karakters en hulle noodlot of omstandighede, óf tussen teenstrydige behoeftes

konnotasie: betekenis van ’n woord wat geassosieerde idees insluit benewens die primêre of oppervlakkige betekenis

konvensies: aanvaarde gebruike of reëls in ’n taal, soos grammatikareëls en -strukture, opskrifte en voetnote, indekse

manipulerende taal: taal daarop gemik om ’n onregverdige voordeel te kry of invloed oor ander te kry

milieu: opset of omgewing

modale: werkwoorde soos *kan*, *sal*, *moet*, *mag*

moniteer: om iemand of iets gereeld na te gaan

motiveer: om iemand aan te spoor of te inspireer om iets te doen, of om ’n goeie rede vir jou mening te gee

partydigheid: voorkeur verleen aan een ding, idee, gesindheid of persoon bo ’n ander

register: die gebruik van verskillende woorde, grammatikale strukture en styl vir verskillende kontekste, bv. 'n formele register vir 'n amptelike dokument of akademiese opstel

retoriese middele: tegnieke soos pouses en herhaling wat deur 'n spreker gebruik word om te oorreed of te oortuig

rubriek: 'n kombinasie van beskrywende woorde en graderings wat vir assessering gebruik word

soeklees: om 'n mens se oë vinnig oor 'n teks te laat gaan om spesifieke inligting te bekom

stereotipe: 'n vaste en dikwels bevooroordeelde verwagting van 'n persoon se aard en hoe verwag word dat hy/sy sal optree

vaktaal: spesiale terme of uitdrukkings gebruik in 'n professie of deur enige spesifieke groep, bv. rekenaarvaktaal: CPU, RAM, en so meer

versterk: om die kennis sterker te maak, dieper in die geheue vas te lê

vloeikaart: diagram wat 'n proses of prosedure aandui, bv. voordra van 'n aanbieding

vluglees: om 'n teks vinnig te lees om die hoofgedagtes of idees te kry

vooroordeel: iemand oordeel of onverdraagsaam teenoor iemand, 'n groep of 'n idee wees sonder om korrekte kennis omtrent of enige ervaring daarvan te hê